# NEGE MAAL
# MAKARIOS

## DIE SALIGSPREKINGE VAN ONS SALIGMAKER

• ΙΧΘΥΣ

TB
226.2
VAN

B. J. VAN DER WALT

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

*Copyright © B.J. van der Walt All rights reserved*

**COPYRIGHT CLEARANCE COVER PAGE FOR COPIES MADE BY**

**B.J. VAN DER WALT**

This material has been copied for educational use. It is not for resale and must not be redistributed.

---

**KOPIEREGKLARING-DEKBLAD VIR KOPIEË GEMAAK DEUR**

**B.J. VAN DER WALT**

Hierdie materiaal is vir opvoedkundige gebruik gereproduseer. Dit mag nie herverkoop of verder versprei word nie.

File Reference: 2.4.3.1

# *NEGE MAAL "MAKARIOS!"*

Die saligsprekinge
van
ons Saligmaker

2

Prof. B.J. van der Walt

**Pro Rege**
POTCHEFSTROOM
1980

Gedruk en Uitgegee deur:

PRO REGE
Posbus 343
Potchefstroom

ISBN 0 908392 48 6

Kopiereg word voorbehou deur die outeur.

# INHOUDSOPGAWE


Inleiding .................................... 1

1. Verrassing in negevoud .................... 3

2. Agtergrond en opset ....................... 6

3. Armes – wat alles besit! .................. 15

4. Treurendes – wat van blydskap lag! ........ 20

5. Sagmoediges – wat die aarde beërwe! ....... 24

6. Hongeriges – wat versadig word! ........... 28

7. Barmhartiges – wat barmhartigheid ontvang! ... 32

8. Reines – wat God sien! .................... 37

9. Vredemakers – wat God se kinders is! ...... 44

10. Vervolgdes – wat 'n koninkryk besit! ..... 48

11. Beledigdes – wat van vreugde oorloop! .... 54

Vrae by hoofstuk 1 - 11 ...................... 58

Literatuurlys ................................ 67

**Opgedra aan:**

Die Gereformeerde Kerk Cachet — wat my "gedwing" het om hierdie heel besondere Skrifgedeelte te bestudeer.

## VOORBLADONTWERP

*Simboliek:*

Die vis is een van die oudste Christelike simbole. Vervolgde Christene het dit in die eerste eeue gebruik om mekaar uit te ken.

Die vyf Griekse hoofletters vir "vis" is die eerste letters van die volgende (Griekse) woorde: Jesus, Christus, God, Seun, Verlosser.

As ons hierdie teken gebruik, getuig ons dus dat Jesus Christus, die Seun van God, ons Verlosser — ons Saligmaker — is.

*Ontwerper:* Hans Schmitz.

**********************

Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, en Hy het hulle begin leer en gesê:

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is,
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

Geseënd is dié wat treur,
want hulle sal vertroos word.

Geseënd is die sagmoediges,
want hulle sal die nuwe aarde ontvang.

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is,
want hulle sal versadig word.

Geseënd is dié wat barmhartig is,
want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Geseënd is dié wat rein van hart is,
want hulle sal God sien.

Geseënd is die vredemakers,
want hulle sal kinders van God genoem word.

Geseënd is dié wat vervolg word
omdat hulle doen wat reg is,
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg".

(Matt. 5:1–12)

***************************

# CHRISTUS SE SEWE SALIGSPREKINGE IN DIE OPENBARING VAN JOHANNES

"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby". (1:3)

"En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle". (14:13)

"Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie". (16:15)

"Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam". (19:9)

"Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank". (20:6)

"Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar". (22:7)

"Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad". (22:14)

# INLEIDING

Om te kan studeer is 'n besondere voorreg.

Om die Woord van God te bestudeer is 'n nog voortrefliker voorreg.

Om dit saam met ander te kan doen maak die ervaring nog ryker.

Om die saligsprekinge van ons Here Jesus Christus so te bestudeer is ... salig.

Ons kan die saligsprekinge die Here Jesus Christus se "intreepreek" noem. Saam met die res van Matteus 5 - 7 vorm dit die Bergrede die bekendste redevoering van Christus. Net soos met sy vier ander groot redevoeringe (die uitsendingsrede, Matteus 9:36 - 10:42; die leer in gelykenisse, Matt. 13:1-52; sy onderrig i.v.m. die lewe in die gemeente, Matt. 17:22 - 18:35, en die profetiese rede of sy rede oor die oordeel en voleinding, Matt. 23:1 - 25:46) het ons hier met die *regstreekse woorde* van Christus self te make. Daarom het dit vir ons so 'n besondere waarde.

Wat u in hierdie beskeie werkie vind, is die neerslag van Bybelstudie wat ek gedurende 1979 saam met studente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, wat lidmate van die Gereformeerde Studentegemeente Cachet is, gedoen het.

Dit pretendeer dus nie om 'n wetenskaplike of selfs populêr-wetenskaplike kommentaar op die saligsprekinge te wees nie. Dit is bloot die neerslag van ons studie waarin ons wel van kommentare en ander hulpmiddels (soos verskillende vertalings) gebruik gemaak het.

Behalwe die verklaring van die betekenis van elke saligspreking was die volgende vir ons belangrik:

* Die plasing van die saligsprekinge (die bepaalde tyd, plek en hoorders, maar ook die plek daarvan in die geheel van die Bergpreek van Christus);

* die koninkryk van God in die saligsprekinge (die feit dat dit oor die burgers van die ryk gaan, aan wie telkens 'n ander seëning van die ryk belowe word);

* die struktuur van die saligsprekinge (die onderlinge verband en ontwikkelingsgang daarin);

* Vergelyking met ander Skrifgedeeltes (om die betekenis van bepaalde begrippe

beter te kan verstaan);

* die betekenis daarvan vir die persoonlike geloofslewe (hoe elke saligspreking as *gawe* 'n heerlike troos en as *opgawe* 'n deurtastende toets is).

Op hierdie wyse het dit vir ons duidelik geword dat die saligsprekinge nie 'n klomp los juwele is nie maar 'n pragtige string skitterende pêrels – elk met sy eie plek en skoonheid.

Aangesien daar op die oomblik in ons hele land – en eintlik dwarsdeur die wêreld – 'n nuwe belangstelling in persoonlike en groepsbybelstudie is, is ek seker dat 'n wyer leserskring in die resultate van ons omgang met hierdie voortreflike gedeelte uit die Bybel sal belangstel. Sover ek kon nagaan, is daar tans nog net een werk oor hierdie Skrifgedeelte in Afrikaans beskikbaar. Al die ander werke is reeds uit druk.

Die vrae aan die einde van elke hoofstuk is direk en maklik om te beantwoord, aangesien dit opgestel is na aanleiding van wat in elke hoofstuk gegee word. Dit het geblyk dat die vrae 'n nuttige manier is om *vooraf* die aandag op sekere dinge te vestig en so die belangstelling te prikkel of om, *nadat* die betrokke saligspreking behandel is, as hersieningsvrae te dien om vas te stel hoe goed die studente die gedeelte begryp het.

In die geval van insiggewende verskille in die vertaling is na die nuwe Afrikaanse vertaling (*Die Nuwe Testament en Psalms,* 1979) verwys. Andersins is die ou Afrikaanse vertaling van hierdie Skrifgedeelte as teks gebruik. (Die teks van die 1979-vertaling word aan die begin afgedruk, omdat alle lesers dit moontlik nog nie besit nie).

In die literatuurlys aan die einde is enkele werke genoem wat spesifiek oor die Bergrede of saligsprekinge handel. Kommentare en ander hulpmiddels is nie vermeld nie.

As die leser soveel genot uit die bestudering van die saligsprekinge vind as wat ons daaruit gehad het, was publikasie daarvan meer as die moeite werd!

**Bennie van der Walt**

## 1. VERASSING IN NEGEVOUD

Die Bergpredikasie (Matteus 5 - 7) is die uitnemendste en verrassendste preek wat ons besit – nie omdat dit op 'n berg in plaas van 'n preekstoel af uitgespreek is nie maar omdat dit uit die mond van die boeiendste, grootste Prediker kom wat die wêreld nog geken het.

Die inleiding tot hierdie preek, die saligsprekinge (Matt. 5:1-12), is seker die verbasingwekkendste van alles.

Om die verrassende van die saligsprekinge raak te sien moet ons op twee dinge let: in die eerste plek op die *inset* en in die tweede plek op die *inhoud* daarvan.

### Die volgorde omgekeer

Die inset is verstommend, omdat Christus totaal anders as die Fariseërs en skrifgeleerdes van sy tyd preek. Hierdie Joodse godsdienstige leiers van destyds sou begin om die skare daar teen die helling van die berg te veroordeel en te verdoem, omdat hulle so sleg is, omdat hulle die wet van God nie ken en dit nie onderhou nie. Soos ons vandag – die mens het na tweeduisend jaar nie veel verander nie – het elkeen van hulle op hulle eie wyse na 'n bietjie lewensgeluk gesoek. Daar is armes, treurendes, hongeriges, siekes, beledigdes, onderdruktes, sondiges. Van die kerklike leiers van hulle tyd het hulle egter nie troos ontvang nie – eerder veroordeling.

Die skrifgeleerdes het aan verdienste geglo. Aan saligsprekinge het hulle geen behoefte gehad nie! Die skare moet eers die wet van die Here – met al die derduisende toevoegings van die wetgeleerdes daarby – onderhou, dan kan hulle salig word. Wie nie deur die nou poort van die wet gaan nie, sal nooit gelukkig kan wees nie. Die *einde* van die weg sal salig wees – nie die *begin* nie.

Onnodig om te sê dat by die meeste van die volk alle hoop op 'n bietjie geluk in die niet verdwyn het. Min het hulle geweet dat hulle juis dan wanneer hulle geluk op grond van verdienste opgegee het, nader as ooit daaraan gekom het!

Christus ruim die puin van eeue waaronder die Fariseërs die blye boodskap begrawe het op. Hy keer die orde 180 grade om: Nie die *einde sal* salig wees nie – die *begin is* salig. Hy begin nie deur te veroordeel nie maar deur salig te spreek. Geluk is nie beloonde verdienste aan die einde van die lewensweg nie maar onverdiende genade onmiddellik aan die begin. Sy weg is nie 'n harde, moeitevolle, sugtende

weg met (dalk) 'n bietjie vreugde aan die einde nie. Nee, sy weg is van die eerste tree af 'n weg van blydskap.

Daarom is dit ook 'n weg waarop 'n mens veel meer kan vermag. Nadat 'n mens die goddelike *gawe* ontvang het, word die *opgawe* (die vervulling van die wet) ook 'n vreugde! Nadat 'n mens ontvang het, kan jy ook doen.

Geen wonder dat die skare skoon verbaas, absoluut verstom was oor Christus se prediking nie. Dit was revolusionêr: eers die gawe (genade) en dan die opgawe (geloof).

Die volgorde wat Christus hier stel, is verrassend. Geluk is nie iets wat 'n mens regstreeks kan soek en vind nie. Dit is altyd die onregstreekse gevolg van iets anders wat 'n mens nastreef. As jy geregtigheid, vrede, barmhartigheid ens. najaag, ontvang jy geluk as gawe! "Soek eers die koninkryk van God, en alle ander dinge – ook geluk – sal jy ontvang". Wie met die geluk wil begin, soos so baie geluksoekers vandag, begin by die verkeerde kant.

Leef ons nie dikwels nog net soos die kerkmense in die tyd van Christus nie? Leef ons voluit uit genade of sit die gif van Fariseïstiese werkheiligheid, verdiensteteologie ook nog in ons bloed? As dit nie so is nie, waarom bemerk ons dan so weinig egte vreugde in ons lewe? Het ons nie ook die blydskap uit ons alledaagse lewe na 'n moontlike salige einde in die hiernamaals verplaas nie? Christus wil ons leer om met die blydskap van verlossing te *begin:* elke dag, in elke taak. Die saligheid, vreugde, blydskap is ons *beginsel* wat alles omstraal en deurstraal en nie ons *"eindsel"* nie!

Christus se aanpak is die eerste groot verrassing in die saligsprekinge. Wat Hy in die verskillende saligsprekinge sê, laat ons verbasing egter toeneem.

## Saligheid – vir wie dit die minste verwag

*Wie* spreek Jesus salig? Die armes, die treurendes, die hongeriges, die vervolgdes, die beledigdes. Juis hulle (volgens die klem in die Grieks), sê Christus, is salig! Maar dit is juis hulle wat ons allermins as gelukkig beskou!

Maar dit is nog nie eers die helfte van die verrassing nie. Vra ons *waarom* Hy húlle gelukkig prys, hoor ons nog verstommender dinge. Dat armes so ryk is dat hulle 'n koninkryk besit; dat treurendes kan lag; dat vervolgdes en beledigdes van vreugde kan oorloop – dit is tog waansinnig! Maar dit is presies wat daar staan. Dit is nie drukfoute nie.

Die Griekse woord *makarios* kan moeilik vertaal word. Die ou Afrikaanse vertaling het dit (in navolging van Luther) met "salig" vertaal. En, soos reeds gesê, het dit vir baie mense alleen betrekking op die hiernamaals. Vertaal ons dit met "gelukkig" (*Die Blye Boodskap*) kom die volle betekenis daarvan ook nie uit nie. Dalk moet ons dit met "geluksalig" (geluk en saligheid saam) vertaal! Miskien is die nuutste vertaling *(Die Nuwe Testament en Psalms,* 1979) nog die beste. Daarin word die woord *makarios* met "geseënd" weergegee.

Christus self belowe hier in alle geval die volste, hoogste, diepste geluk. En Hy sê nie maar eenmaal *"makarios"* nie. Soos 'n refrein word dit nege maal: *"Makarios!"*

Weer eens die vraag: lewe ons soos mense wat nege maal salig gespreek is? As daar geen lewensvreugde by ons is nie, lê die fout nie by ons Salig*spreker* nie, want Hy praat nie net nie. Jesus beteken Salig*maker!* Gelowiges, Christene behoort dolgelukkig, die gelukkigste mense op aarde te wees, mense aan wie se blydskap daar geen einde is nie!

Om ons in die saligsprekinge, God se negevoudige verrassing, te verdiep sal heel waarskynlik die moeite werd wees! Dit is die regte beginpunt. Deur die poort waarop *makarios* staan, wil Christus hê dat ons die lewe moet ingaan.

## 2. AGTERGROND EN OPSET

Antwoorde op vrae soos: Waar?, Wanneer?, Vir wie?, Waaroor? kan ons help om die saligsprekinge beter te begryp. Dit is waaroor dit kortliks in hierdie hoofstuk sal gaan.

### Waar?

Die saligsprekinge is deel van die *Bergrede*. In Matteus 5:1 staan daar dat Christus op *die* berg geklim het voordat hy begin preek het. Die *die* dui op 'n spesifieke berg wat destyds algemeen bekend moes gewees het. Vandag weet ons nie meer watter berg dit was nie. Die enigste wat vas staan, is dat die berg in die omgewing van Kapernaum gesoek moet word, omdat dit uit Matt. 8:1 en 5 duidelik is dat Christus na afdaling van die berg in hierdie dorp gekom het.

Sedert die dertiende eeu is die plek van die Bergrede in die Karn Hattin, dig by Kapernaum, gesoek. Dit is 'n gedoofde vulkaan met twee toppe wat van ver af soos twee torings lyk. Indien dit werklik die plek is waar die saligsprekinge uitgespreek is, kan nouliks aan 'n bekoorliker plek gedink word. Ten noorde verhef die Hermon sy silwer kruin. Ten suide lê die hoogtes van Tabor en Karmel. Ooswaarts lê die pragtige Meer van Gennesaret deur berge omkrans, en weswaarts, heel ver weg, ruis die Middellandse See. Rondom 'n laggende landskap met bloeiende lelies in die dale.

Sommige is van mening dat die hoogte van hierdie berg (319 meter) heelwat klim sou kos en dit dus ongeskik sou maak om die skare toe te spreek. In plaas van 'n bepaalde bergspits wil hulle liewer aan die woeste hoogland rondom Kapernaum dink – die eensame of verlate plek waarheen Christus Hom meermale teruggetrek het (Mark. 1:35; Luk. 4:42). "Berg" sou dan op hierdie woeste, met basaltblokke bedekte en grasbegroeide hoogland dui.

Dit sluit beter aan by Lukas 6:17, wat meedeel dat die Here Jesus van die berg afgeklim het (Matteus praat van opklim) na 'n gelyk plek. Uit Lukas 6:12 blyk dat Jesus inderdaad eers die berg op is en die nag daar in gebed deurgebring het. Nadat Hy die volgende oggend sy twaalf dissipels gekies het, het Hy met hulle na die skare op die plato afgedaal.

### Wanneer?

Ons het so pas gesien dat Christus die Bergrede uitgespreek het op dieselfde dag

nadat Hy sy dissipels gekies het. Dit is dus in die periode van sy openbare optrede en wel in Galilea. Dit was nie die begin van sy optrede in Galilea nie (vgl. Matt. 4:17-25) maar reeds tydens sy voortgesette optrede aldaar. In alle geval staan ons hier nog taamlik aan die begin van Christus se openbare optrede. 'n Mens sou die Bergrede sy intreepreek kon noem.

Sommige verklaarders sê dit was lentetyd. "Die natuur was vrolik en stralend. Die pragtige vlakte van Jisreël was één blommesee: tulpe en angeliere, irisse en lelies het in volle prag gebloei. En teen die heuwels op was dit ook één geskitter van blomme. Die Paasfees was agter die rug, die somer in aantog. Die natuur sing sy vreugdesang ....." (J.H. Bavinck)

## Vir wie?

Die vraag wie die toehoorders was, is belangrik, want sommige beweer dat dit net tot die kring van die twaalf gerig is, en grond daarop hulle bewering dat die Bergrede vandag ook nog net vir sekere mense geld. Blykens Matt. 5:1,2 wil dit inderdaad lyk asof Christus vir die skare gevlug het en Hom net tot sy dissipels gerig het. Blykens Luk. 6:17-19 bestaan daar geen twyfel dat die gehoor uit sowel sy dissipels as 'n groot skare van die volk bestaan het nie.

Soos by die volgende punt *(Waaroor?)* sal blyk, eis Christus in die Bergrede *radikale, absolute* gehoorsaamheid. Om aan die eis te ontkom het sommige beweer dat sy gebooie alleen binne die kerk geld of alleen vir die persoonlike en nie die openbare lewe nie of alleen vir die "volmaaktes" onder sy volgelinge (bv. die apostels) en nie vir die "gewone" gelowiges nie.

Op hierdie en ander wyses word die Bergrede egter verswak. Wat Jesus in die Bergrede (en dus ook in die saligsprekinge, as ouverture) eis, geld vir *almal* wat in die koninkryk van God wil ingaan – ook vir u en my. Dit geld oral en altyd en nie net binne die kerkmure nie. Want wat Christus daarin vra, is doodeenvoudig die volmaakte, radikale toepassing van die liefdesgebod – hart van al die gebooie – wat nooit op nonaktiwiteit gestel mag word nie.

Toe Christus sy negevoudige *makarios* op die pragtige lenteoggend in Galilea uitgespreek het, was daar onder sy hoorders nie net plaaslike mense uit die omgewing nie. Daar was baie wat van afgeleë dele van die land gekom het – so ver as die provinsie Judea en die stad Jerusalem in die suide. Maar nog verder suid uit Idumea, oos uit Dekapolis en noord uit Tirus en Sidon het vreemdelinge en heidene gekom (Matt. 4:24-25; Mark. 3:7-12 en Luk. 6:17-19) almal gedryf

deur hulle soeke na 'n bietjie geluk: siekes wat aan allerlei kwale gely het, geestelik versteurdes en mense wat in die wrede mag van die duiwel gevange was.

En ... Christus spreek hulle salig! (Sê hulle is geseënd – volgens Nuwe Vertaling). Nie net sy eie volksgenote, die Jode, nie. Ook die vreemdelinge, die heidene.

Die eggo's van die negevoudige *makarios!* teen die berghang naby Kapernaum tweeduisend jaar gelede weerklink tot in 1980 aan die suidpunt van Afrika. Ons moet dit vandag lees asof dit tot elkeen van ons persoonlik gerig is!

## Waaroor?

In die prediking van Christus tydens sy aanvanklike optrede in Galilea het dit oor die koninkryk in sy *nabyheid* gegaan (Matt. 4:17). In die Bergrede (gehou tydens die periode van sy voortgesette optrede in Galilea) gaan dit om die koninkryk van God en sy *geregtigheid*.

Die hele Bergrede val in twee hoofdele uiteen:

1. Matt. 5:3-12: Die *saligsprekinge*, die prediking van die *heil* van die koninkryk van die hemele.

2. Matt. 5:13 - 7:27: Die *gebooie*, die prediking van die *geregtigheid* van die koninkryk van die hemele.

Die gedeelte oor die *saligsprekinge* kan soos volg ingedeel word:

a. *Opskrif* (v 1-3): die koninkryk van God word aan die armes van gees (wat hulle rykdom in God soek) belowe.

b. *Die gestalte van die armes van gees* in hulle verhouding tot God en die naaste (v 4-9):

| *tot God* | *tot die naaste* |
|---|---|
| 1. treurend | 2. sagmoedig |
| 3. honger en dors | 4. barmhartig |
| 5. rein van hart | 6. vredemakers |

c. *Onderskrif* (v 10-12): Die burgers van die ryk (armes van gees) wat so lyk

(soos in vers 4-9 geteken), sal in die wêreld vervolg word. Nogtans bly die belofte van die koninkryk van die hemel (eerste saligspreking).

Die gedeelte oor die *gebooie* (5:13 - 7:27), die *geregtigheid* van die koninkryk, kan ook in drie onderverdeel word:

a. die *noodsaaklikheid* van die geregtigheid of goeie werke (5:13-16);

b. 'n *nadere uiteensetting* van wat geregtigheid (goeie werke) is, onder die volgende gesigspunte:

   - die *maatstaf* van goeie werke (5:17-48),
   - die *motief* van die goeie werke (6:1-18),
   - die radikale *oorgawe* wat geregtigheid verg (6:19-34),
   - die *gedragslyn teenoor die naaste* in die vervulling van die geregtigheid (7:1-12);

c. 'n *naskrif* (7:13-27), wat, met verwysing na die ewige lewe en die verderf, 'n skerp vermaning bevat om die gepredikte geregtigheid ook *te doen*.

As ons sê die saligsprekinge is die proklamasie van die *heil* van die ryk en die res van die Bergrede die prediking van die *gebooie*, mag dit nie verkeerd verstaan word nie.

Die saligsprekinge self bevat behalwe (volkome) *gawe* ook (absolute) *opgawe*, 'n oproep tot bekering, tot geregtigheid. Ons sou hoogstens kon sê dat die gawes van die ryk in die saligsprekinge voorop staan.

Die skrifgeleerdes en Fariseërs het die toegang tot God se wet en sy wil versper. Met hulle duisend-en-een mensgemaakte gebooie het hulle hulle op die letter beroep maar die gebod self magteloos gemaak. As hulle nog iets van liefde geweet het, was dit eieliefde. Die geregtigheid van die koninkryk van Christus gaan veel verder as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs (Matt. 5:20). Dit eis *volmaakte* wetsvervulling (Matt. 5:48).

Christus predik dus nie 'n "sagter" wet as die van die Ou Testament nie. Hy maak dit ook nie "makliker" as die Fariseërs nie maar eerder moeiliker: die wet moet nie net uiterlik volbring word soos deur die Fariseërs nie, maar die kern van die wet, die liefde tot God en die naaste, moet vervul word. Niks minder as volmaakte

liefde word gevra nie!

Wie eerlik is, sal vra "Maar wie kan dan salig word?" (Matt. 10:25). Christus se antwoord is: Juis dan is jy salig! – as jy besef dat jy die wet nie uit jouself kan volbring nie en jou toevlug neem tot Hom wat gekom het om die wet te vervul – in jou plek. Christus was volmaak in geregtigheid: Hy het God se wet ten volle onderhou. Hierdie geregtigheid word nou ons deel as ons maar net ons armoede besef en nie, soos die Fariseërs, dink dat ons ryk aan goeie werke is nie.

Groot liefde word in die Bergrede gevra, maar dit is omdat God sy liefde ook in Christus oorvloedig geopenbaar het. (Vergelyk Luk. 7:36-50: ... vir wie baie vergewe is, het ook baie lief!) Die geheim van hierdie liefde lê dus nie in die mens nie maar in God!

Die genade en die gebod, die gawe en die opgawe is altyd onafskeidelik verbonde – vergelyk byvoorbeeld Matt. 5:14-16: *Gawe:* "Julle *is* die lig van die wêreld" – nie om wat julle *doen* nie maar om wat julle *ontvang* het; *eis*: "Laat julle lig so skyn voor die mense ... " – die lig wat julle as gawe ontvang het, moet julle ook in die wêreld terugkaats!

Dit is verkeerd om – soos baie wil – hierdie geldigheid van die Bergrede te beperk en te beweer dat Christus hier nie volmaakte wetsvervulling (geregtigheid) eis nie. Hy het gekom om die wet te vervul en nie om dit te ontbind nie. Hy verwag dieselfde van sy navolgers. Hy het immers gely en gesterwe om hulle daartoe in staat te stel!

## Hoe?

Met hierdie vraag bedoel ons: Hoe sien die saligsprekinge daaruit? Hoe is hulle saamgestel?

Die saligsprekinge is (soos baie van die wysheidsliteratuur van destyds) in die sogenaamde masjaalstyl geskrywe. Die "masjaal" het die volgende kenmerke:

- 'n aanskoulike, konkrete, tekenagtige manier van uitdrukking;
- 'n puntige, pittige, pikante manier van sê, bv. onverwagte sinswendinge, woordspelinge en krasse uitdrukkinge wat ons oordrewe sou noem;
- nadruk op 'n bepaalde kant van die saak sonder om daaroor bekommerd te wees dat daar ook nog 'n ander kant is, sodat 'n mens soms skynbare teenstrydighede kry.

Die hele bedoeling was om tot nadenke te prikkel en te verras. Vergelyk byvoorbeeld Spr. 27:17: "Yster slyp 'n mens met yster ... (nou moet die hoorders/lesers eers oor die toepassing nadink) ... so slyp die een mens die ander".

So bestaan ook die saligsprekinge uit 'n aantal "raaisels" wat telkens 'n verrassing inhou. Na elke saligspreking moet 'n mens eers wag: "Salig is die armes van gees, want ... " (nou dink die hoorders eers ná hoe armes salig kan wees, en dan volg die antwoord) " ... want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel".

So is elke saligspreking 'n raaisel wat laat nadink met 'n onverwagte verrassing as die antwoord. Na elke saligspreking pas 'n uitroepteken om die verbasing tot uitdrukking te bring.

Elke saligspreking bestaan dus uit twee dele, bv:

- Salig is die armes van gees,
- want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel

By elke saligspreking kan ons dus vra:

- *Wie* is die armes van gees, treurendes ens?
- *Waarom* is hulle salig?

Dit is belangrik om te onthou dat *Christus hier as Koning die skare oor sy koninkryk* leer. Die begrip "koninkryk van God" (die essensie van Johannes die Doper en Christus se prediking en tewens van die hele Bybel) sluit drie fasette in:

1. die feit dat God Koning is,
2. die ryksgebied (onderdane of burgers) en
3. die seëninge wat in hierdie ryk geniet word.

In die saligsprekinge gaan dit veral om die twee laaste fasette: Die burgers van God se ryk is salig, omdat hulle in die seëninge van sy ryk deel.

Belangrik is dus om in gedagte te hou dat die eerste deel van die saligsprekinge almal saam net oor *een* soort mens handel, nl. die burgers van die ryk. Die armes van gees wat in die eerste saligspreking genoem word, word in die daaropvolgende saligspreking verder beskrywe. Dit is nie so dat dit losstaande saligsprekinge is wat aan 'n hele aantal mense elk met bepaalde eienskappe iets belowe nie. Die saligheid word dus ook nie aan diegene geskenk wat net arm van gees is en nie ook

na geregtigheid honger en dors ensovoorts nie. Die saligsprekinge teken *almal saam* die burgers van die ryk.

Baie belangrik om in gedagte te hou is dat Christus in sy saligsprekinge nie maar bepaalde mensetipes wat *van nature* sagmoedig, vredeliewend, hulpvaardig is, gelukkig prys nie. Dit gaan hier spesifiek oor die burgers van sy ryk, die gelowiges, die Christene. Dit sal verderaan nog duidelik blyk dat geen mens hierdie eienskappe uit homself het (aanleg, temperament, karakter) nie. Dit is die vrugte van die werk van die Heilige Gees alleen.

Die tweede deel van die saligsprekinge ("want ... ") *saam* handel oor die seëninge van een en dieselfde koninkryk. Die eerste saligspreking (opskrif) sê: "Aan julle behoort die koninkryk". Die laaste saligspreking (onderskrif) herhaal dit. Daartussen word die verskillende seëninge van die koninkryk belowe.

Die antwoord op die twee vrae by elke saligspreking (Wie? en Waarom?) is dus

1. die burgers van die ryk en
2. hulle is salig, omdat hulle in die wonderlike seëninge van die Godsryk deel.

**Deur wie?**

Hoewel die mees voor die hand liggende vraag is dit tog baie belangrik. 'n Koninkryk met burgers en seëninge is nie sonder 'n koning moontlik nie! Die feit van God se koningskap, Sy heerskappy is die belangrikste faset van die begrip "koninkryk van God" in die Bybel.

Hier is dit Christus, die Koning, wat die karakter van sy burgers en van die seëninge van sy ryk teken. (Iemand het gesê in die Bergrede het ons die Koning wat vir sy onderdane die grondwet van sy koninkryk afkondig). Dit is nie 'n profeet of 'n gesant nie maar Hyself!

Ons mag dit in die verklaring van die saligsprekinge wat volg, geen oomblik vergeet nie. Wat Hy sê, is so. Agter elke saligspreking staan Jesus, ons Saligmaker!

**Samehang**

Ons kan dit nie genoeg beklemtoon dat die saligsprekinge almal saam oor die burgers en die seëninge van die koninkryk van God handel nie. Dit gaan nie oor individue met sekere natuurlike karaktereienskappe (soos sagmoedigheid, vrede-

liewendheid ens.) nie. Elke saligspreking teken verskillende trekke van die Christen. Die gelowige moet dan ook *al* hierdie trekke en nie net sommige vertoon nie.

Hiermee hang ook saam dat die verskillende saligsprekinge onderling verbonde is. Daar is 'n logiese samehang: die een bou op die ander voort. Die geheel kan nie los van die dele en omgekeerd die dele ook nie los van die geheel verstaan word nie.

Van die talle pogings om die struktuur in die saligsprekinge op te spoor noem ons alleen die volgende twee voorbeelde.

Die eerste indeling het ons alreeds vroeër gegee. Hiervolgens is die eerste saligspreking (armes van gees) die opskrif en die laaste (oor die vervolgdes) is die slot. Die eerste (v 3) en die agste (v 10) eindig met dieselfde belofte: "aan hulle behoort die koninkryk van die hemele". Die eerste uitspraak het betrekking op die saligsprekinge wat volg. (Die seëninge van die koninkryk word daarin nader beskrywe). Die laaste saligspreking (v 10) slaan terug op wat voorafgaan. (Dit vat al die seëninge weer saam in die één begrip, "die koninkryk van die hemele").

Die oorblywende ses saligsprekinge, wat deur die eerste en die agste ingesluit word, bestaan uit drie pare van twee saligsprekinge elk. In die geval van elke paar teken die eerste die Christen in sy verhouding tot God, en die tweede teken hom in sy verhouding tot die naaste. 'n Mens sou ook kon sê die eerste saligspreking teken die gelowige in sy *innerlike lewe* en die tweede lid van elke paar die gelowige in sy *omgangslewe.* Of: die eerste lid van elke paar sê wie die Christen *is*, en die tweede lid wat hy *doen.*

Die armes van gees (v 3)

| | | |
|---|---|---|
| *in hulle innerlike lewe* | | *in hulle omgang met andere* |
| treurend (v 4) | ... en daarom ... | sagmoedig (v 5) |
| hongerend (v 6) | ... en daarom ... | barmhartig (v 7) |
| rein (v 8) | ... en daarom ... | vredemakers (v 9) |

Die tweede indeling sou ons met die beeld van 'n berg kon duidelik maak. Met die eerste drie saligsprekinge gaan ons die berg aan die een kant op. Met die vierde saligspreking is ons op die top. Die volgende drie saligsprekinge teken die bergstroom aan die ander kant van die berg af, terwyl die laaste (agtste) ons in die diep donker dal aan die voet van die berg bring.

In die eerste drie saligsprekinge word die *behoeftes* van die Christen (arm, treurend,

sagmoedig) geteken. Die vierde saligspreking (hongeriges en dorstiges) teken die *vervulling* van die behoeftes ("sal versadig word"). Die volgende drie saligsprekinge dui op die *resultaat* daarvan: barmhartig, rein van hart, vredemakers. Die laaste twee saligsprekinge (v 10 tot 12) handel oor die *gevolge* vir die Christen, naamlik dat hy vervolging, belediging en valse kwaadsprekery sal moet verduur. Hier bereik ons dus die diep dal aan die voet van die berg ...

Ons moet versigtig wees om nie die saligsprekinge in 'n deur ons opgelegde skema te forseer nie. Aan die ander kant is dit egter goed om tog in gedagte te hou dat dit nie losstaande uitsprake is nie maar dat daar onderlinge verband, samehang en opeenvolging is.

Hoe verder ons die saligsprekinge lees en bestudeer, hoe heerliker word dit. Dit is egter nie net 'n stygende lyn nie.

Omdat elke saligspreking tot diepere selfondersoek noop, is daar ook 'n dalende lyn: hoe verder ons lees, hoe meer besef ons hoe hopeloos ons faal. Elke saligspreking hou ook 'n vervloeking in. Vergelyk die vier maal "wee julle!" van Lukas 6:24-26.

Teenoor diegene wat besef hoe afhanklik hulle van God is, is daar die mense (soos die Fariseërs) wat meen dat hulle geestelik ryk is; teenoor dié wat smag na geregtigheid, is daar hulle wat dink dat hulle as gevolg van hulle goeie werke nie aan God se geregtigheid behoefte het nie; teenoor dié wat oor hulle eie onvolmaaktheid treur, is daar diegene wat vrolik lewe, omdat hulle dink dat hulle volmaak is; teenoor dié wat vervolg, beledig en belaster word, is hulle van wie die mense net goedpraat, omdat hulle nie werklik kinders van God is nie maar met die wêreld saamgaan.

Vir hierdie mense geld almal "Wee julle – ellende wag vir julle!"

Soos die hele Skrif is dus ook Christus se voortreflike saligsprekinge 'n tweesnydende swaard. Dit spreek salig èn vervloek. Dit dring dwarsdeur die uiterlike skyn en beoordeel ons diepste bedoelinge en gedagtes.

Hiermee in gedagte gaan ons nou op elkeen van Christus se groot verrassings afsonderlik let.

# 3. ARMES – WAT ALLES BESIT!

Matt. 5:3

*Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.*

Jesus gaan sit (Matt. 5:1) om te leer. In die Ooste was dit gebruik dat die leraar sit en die hoorders staan – net die omgekeerde as by ons vandag!

" ... en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê ... " Die plegtige uitdrukking (sy mond geopen) dui aan dat daar iets besonders gesê gaan word, iets heel besonders, iets wat nie een van die toehoorders nog ooit gehoor het nie!

Die Koning gaan die skare – Jode en heidene – van sy koninkryk leer. Hy gaan hulle leer dat as God in ons lewe Koning is, dit saligheid beteken.

Die belofte gaan egter voorop en die eis kom in die tweede plek. Nie die werksaamheid van die mens nie maar die werk van God domineer in die koninkryk van die hemele. Dit is in die eerste plek verlossing, blye boodskap, saligspreking. (In geleerde taal gestel: die imperatief van die gebod rus in die indikatief van die genade). Daarom kan geen mens die koninkryk anders as deur die poort van die saligsprekinge binnegaan nie!

Bokant hierdie poort staan geskrywe "Salig is die wat arm van gees is". Hierdie eerste *makarios* is die opskrif bokant al die saligsprekinge. Dit sê vir ons wie die burgers van die ryk is, en die res van die saligsprekinge beskryf hierdie koninkryksburgers verder.

Ons stel twee vrae:

> Wie is die armes van gees? (of: Wat beteken dit om arm van gees te wees?)
> Waarom is juis hulle salig?

## Die armes van gees

Die probleem lê hier dat die ooreenstemmende plek in Lukas (6:20) net van "armes" (nie "armes van gees") praat nie. Beteken dit dat alle armes, sonder onderskeid, salig gespreek word? En wat Matteus betref: Wat word presies met "arm van gees" bedoel?

In die verlede was die meeste kommentatore geneig om die uitdrukking louter geestelik te verstaan. Daaronder sou dan verstaan moet word diegene wat hulle sonde en ellende besef en hulle dus voor God armoedig voel.

Vandag vind ons in verskillende teologieë van bevryding weer die ander uiterste. Hulle wil uit Lukas 6:20 aflei dat Christus hom ongekwalifiseerd aan die kant van die materieel armes skaar.

Wat moet ons dan onder "armes" hier verstaan? As ons die begrip in die res van die Bybel nagaan, vind ons dat dit 'n omvattende begrip is. Die duidelike onderskeid of skeiding wat ons tussen geestelik en materieel arm maak, het die Oosterling nie geken nie.

In die Ou Testament beteken die Hebreeuse woord vir arme iemand wat onderdruk word, wat onder ellende en nood gebuk gaan en in die wêreld geen reg en helper het nie. Armoede het nie net op stoflike nood gedui nie. Die materiële teëspoed het by die Israeliet die gevoel gewek dat hy van God verlaat is (vgl. Ps. 73). Armoede is as straf op die sonde gesien. So het die woord "arm" ook 'n godsdienstige betekenis gekry — heel anders as by ons!

Vroeër was daar nie baie armes in Israel nie. Sedert die ballingskap het baie van die volk egter brandarm geword. In die tyd van Christus was hulle nie alleen deur die Romeine verdruk nie maar ook nog deur hulle eie mense (die belastinggaarders) uitgebuit. Onder die skare wat Hy die dag toegespreek het, was daar beslis nie baie rykes nie! Hierdie eerste saligspreking was dus in die kol, op die man af. Dit moes lieflik geklink het in die ore van hierdie mense wat nie net arm was nie maar ook hulle armoede gevoel het.

Die Griekse woord wat hier gebruik word beteken eintlik bedelaar, d.w.s. iemand wat geldelik van die hulp van ander afhanklik is. So iemand is nie net arm aan aardse goed nie maar ook 'n verstoteling. Met arme word hier bedoel 'n mens met wie dit finansieel en materieel so sleg gesteld is dat hy ook geestelik daaronder gebuk gaan. Die armoede het ook 'n geestelik neerdrukkende effek.

Matteus laat as 't ware die oorsaak (armoede) weg en let op die geestelike gevolge daarvan vir die mens. Die toevoeging "van gees" is egter nie 'n beperking van die begrip arm tot "geestelike" armoede nie maar eerder 'n versterking!

'n Arm mens was destyds — en vandag ook — iemand wat aan die maghebbers en die rykes uitgelewer is. Hy was heeltemal afhanklik van hulle wense en wille-

keur. Hy het niks gehad om op te vertrou of mee te spog nie. Hy was niks in sy eie oë.

Dit is presies wat Matteus hier met "arm van gees" bedoel. Daarom vertaal *Die Blye Boodskap* dit met "arm voor God" en *Die Nuwe Testament en Psalms:* "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is". *Die lewende Nuwe Testament* (1978) gee die betrokke gedeelte raak weer met "mense wat besef dat hulle niks het om by God mee te spog nie".

Die Fariseërs en die skrifgeleerdes het heelwat gehad waarmee hulle kon spog. Hulle het God beskou as iemand wat as 'n soort bankier in die hemel sit. Daagliks neem Hy die goeie werke van die wetsgetroues in ontvangs en teken dit aan. Een maal per jaar, op Nuwejaarsdag, word 'n voorlopige afrekening gehou, wanneer noukeurig die debiet teenoor die krediet verreken word. Daar was, so het hulle geglo, drie soorte boeke. In die eerste boek is diegene se name opgeteken wat die diepste by God in die skuld was; in die tweede dié wie se sondes en goeie werke balanseer, en in die derde boek die volmaak regverdige Fariseërs, wat heelwat krediet (goeie werke) oorhou! Hulle het heeltemal te veel (oortollige) goeie werke gedoen!

Christus kom en Hy spreek die armes salig wat geen sent krediet in die hemel het nie en alleen op sy genade pleit. 'n "Wee julle" word uitgespreek oor die Fariseërs wat gedink het dat hulle ryk is!

Samevattend kan ons dus sê dat:

1. Christus spreek hier nie die armes *as sodanig*, alle armes *sonder onderskeid*, salig nie. Die Bybel leer nêrens dat armoede as sodanig iets goeds of aanbevelenswaardigs is nie. Armoede hou geen verdienstelikheid in of bring 'n mens nie nader aan die koninkryk van God nie. Baie armes word nie deur hulle armoede verootmoedig nie maar kom in opstand teen God!

2. Christus veroordeel ook nie rykdom *as sodanig* nie. Die Skrif staan egter krities teenoor rykdom, omdat dit dikwels op 'n onregverdige wyse verkry is en op selfsugtige wyse gebruik word. (Vir hulle geld die "Wee julle!" van Lukas 6:24). Verder leer die Bybel dat rykes moeilik die koninkryk sal binnegaan, omdat rykdom 'n mens onafhanklik maak en jy naderhand dink dat jy ook onafhanklik van God is en nie meer alles van Hom hoef te verwag nie. Vir die meeste rykes is dit moeilik om soos 'n bedelaar voor God te staan.

3. Met "arm *van gees*" word dus ook nie – soos so baie tog nog dink – op mense gedui wat verstandelik swak bedeeld is nie. Dit beteken ook nie bedees, beskeie, senuweeagtig of geestelik swak in die sin van gebrek aan moed en dapperheid nie.

"Die armoede binne ons moet gevind word" (Calvyn). Ons moet gereinig wees van alle trots en selfverheffing en oortuig wees dat ons niks voor God is nie. Die bedelaars wat hulle klein en nietig voor God voel en smagtend na sy hulp en genade uitsien, is die ware armes. Alleen hy wat homself niks ag en alleen op die *ryke* genade van God vertrou, is *arm* van gees.

Hierdie saligspreking veroordeel dus elke gedagte dat die mens iets verdiensteliks uit homself sou kon doen. Dit vereis 'n volledige verwerping van trots, selfversekerheid en selfvertroue in die aangesig van God.

Daarom is hierdie eerste saligspreking so basies, die opskrif bokant die res. Daar is niemand in die koninkryk van God wat nie arm van gees is nie. Niemand kan aan hierdie ryk deel kry as hy hom nie eers heeltemal ontledig het nie, as hy nog nie tot die verskriklike besef van sy eie absolute nietigheid voor God gekom het nie. Hierdie armoede, leegheid, nietigheid in eie oë is die "voorwaarde" om met die vreugde van die koninkryk gevul te word.

## Waarom is juis hulle salig?

Die klem lê in die oorspronklike Grieks op die "hulle", juis hulle. (In *Die Nuwe Testament en Psalms* lê die klem op die "dié").

Maar waarom? Omdat die armes *ryk* is, skatryk. Hulle besit 'n *ryk!* En dan nog die koninkryk van die hemel!

Dit moet herlees word om goed tot ons deur te dring – te goed om waar te wees! Christus se eerste groot verrassing het die gehoor van destyds na hulle asem laat snak. En vir ons vandag nie minder nie. As die Saligmaker jou salig spreek, *is* jy salig. Jy hoef vir geen oomblik daaraan te twyfel nie! As Hy sê aan jou behoort 'n ryk, *die* ryk, dan is dit so.

Hulle is armes wat in werklikheid skatryk is, omdat hulle ryksburgers is, die volle heil in Christus besit: verlossing van sondes en al die ander ryke weldade wat Hy vir ons verwerf het.

Met die koninkryk *van die hemel* word nie bedoel dat die koninkryk eers eendag in die hiernamaals in die hemel opgerig sal word en dat die armes eers daar salig sal wees nie. Christus sê in hierdie eerste saligspreking (en in die laaste herhaal Hy dit): aan hulle *behoort* (nou reeds) die koninkryk en nie *sal* behoort nie. Die koninkryk van God is nie enkel toekomsmusiek meer nie; in Christus het dit teenwoordige tyd geword! Tans besit ons reeds in die hemel wat ons eendag ten volle sal beërwe.

Die benaming "koninkryk van die hemel" dui op die *oorsprong* van die ryk. Dit kom nie uit die sondige aarde op nie maar van die hemel. Dit kom nie deur menslike toedoen en inspanning (goeie werke) nie maar deur 'n daad van God. (Lukas praat in 6:20, van die "koninkryk van God", wat dieselfde beteken).

Hierdie armes is nou reeds besitters – en eendag op volmaakte wyse – van 'n onwankelbare, onverganklike koninkryk! Met volle reg word hulle gelukkig, welgeluksalig, geseënd genoem. Immers: buite hierdie ryk is daar geen werklike saligheid nie!

Maar ... sonder die ware armoede besit jy nie die ryk nie. Iemand het eenkeer gesê: "As 'n mens die eerste saligspreking lees, wil jy graag arm bly".

Behoort u tot hierdie armes?

Die wonderlikste van alles vir my is dat die armoede nie die *voorwaarde* en die ryk die *beloning* is nie. Ook die armoede, die absolute afhanklikheid van God, kan ons nie uit onsself voortbring nie. Ook dit is genade. Al wat ons kan doen, is om God te bid dat Hy ons deur sy Gees geestelik arm maak en arm, klein hou.

Dit is soos Totius op sy sterfbed gesê het: "Genade, alles genade".

## 4. TREURENDES – WAT VAN BLYDSKAP LAG

Matt. 5:4

*Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.*

"Salig, geseënd is dié wat treur".

Volgens die wêreld is dit 'n verspotte uitspraak. Dit is egter die logiese gevolg van die voorafgaande saligspreking. Die armes van gees, wat besef hoe hopeloos hulle situasie voor God is, kan nie anders as om diep bedroef daaroor te wees nie. Die materieel armes wat ook onder hulle geestelike armoede gebuk gaan, sug saam met die ganse skepping.

### Waaroor word getreur?

Die woord wat hier met *treur* vertaal word, dui op 'n stille droefheid en nie op uitbundig kla nie.

Eie sondigheid is seker die belangrikste oorsaak vir die droefheid. Talle Bybelfigure is vir ons hierin 'n voorbeeld. Dink alleen maar aan verskillende uitsprake van Paulus soos "Ek ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van die dood". Elders kla hy: "Die goeie wat ek wil, dit doen ek nie. Die kwade wat ek nie wil nie, dit doen ek!"

Die ware gelowige kan egter nie daarmee volstaan nie. Hy sien dieselfde sondes ook by ander. Hy is bekommerd oor die verval en ongeregtigheid in die samelewing. As hy die wêreldgebeure gadeslaan, ween hy saam met soveel wat onderdruk word, ly, verhonger en vervolg word.

Hierin is die Christen navolger van Christus self. Hy huil by die graf van sy vriend Lasarus (Joh. 11:35). Hy ween oor Jerusalem (Luk. 19:41-44). Die opmerklike is dat ons wel lees dat die Here Jesus soms vermoeid, ontsteld, honger en dors was maar nêrens dat Hy gelag het nie. Die leed en die nood van die ganse skepping wat Hy moes dra, het so swaar op Hom gedruk dat Hy na alle waarskynlikheid veel ouer gelyk het as wat Hy werklik was. (Vgl. Joh. 8:57 – die Jode dink Hy is al byna vyftig terwyl Hy in die begin van sy dertigerjare was). Dit beteken seker nie dat Hy morbied, somber, stug en onaangenaam was nie. Uit die feit dat daar nêrens in die Skrif staan dat Hy gelag het nie, kan ons natuurlik nie met sekerheid aflei dat Hy werklik nooit 'n glimlag om die mond gehad het nie! (Die dwaashede

en verspotte optrede van menigeen met wie Hy in aanraking gekom het, het Hom heel moontlik tog laat glimlag!) Verder word daar tog van sy blydskap gepraat (bv. Joh. 15:11). Hy het sy Vader met blydskap gedien. Om die wil van God te volbring het Hom 'n stille vreugde verskaf.

Dit waarsku ons dat 'n Christen, gesien sy eie ellende en die universele verlorenheid van die skepping, nie maar in oppervlakkige jovialiteit kan lewe nie. Wie kan bly wees as hy weet dat die toorn van die almagtige God op die wêreld rus?

Hierdie stille droefheid is nie net 'n droefheid oor die sonde nie. Die Griekse woord vir "treur" het 'n veel ruimer betekenis. Dit sluit ook die leed en droefheid in wat 'n dissipel van Christus ly omdat hy dissipel is. Die laaste saligspreking ("salig is dié wat vervolg word") is hier ook van toepassing. Daar praat Christus uitdruklik van vervolging, omdat die vervolgdes doen wat reg is; verder ook van vervolging "ter wille van My". Ons mag dus nie sê dat Christus alle treurendes sonder onderskeid hier salig spreek nie – net soos wat Hy dit nie in die geval van alle armes gedoen het nie.

Beteken dit nou dat die Christen 'n ou strakgesig suurknol is? Inderdaad is daar baie Christene wat swaartillend, stug, nors, suur en selfs onaangenaam is! Vroeër het baie opregte gelowiges geglo dat dit vir 'n Christen absoluut onbetaamlik is om te lag. Ek het onlangs nog van 'n vriend verneem dat 'n oom van hom elke dag voordat hy die koerant begin lees het, eers al die laggende gesigte in die koerant met 'n potlood toegekrap het!

Moontlik ken u die staaltjie van die ouderling wat 'n aan hom onbekende predikant op die stasie moes afhaal. Ten einde raad het hy tussen die baie mense 'n lang, skraal man met 'n uitdrukking van pyn op sy bleek gesig tromp op gevra of hy dominee so en so is. Die kortaf antwoord wat hy ontvang het, was: "Ek is nie 'n dominee nie – ek het net 'n maagseer"!

'n Mens kan in jou reaksie teen oppervlakkige, wêreldse jolyt egter te ver gaan. Ek wonder of baie van die langgesig-Christene se gesigte as gevolg van hulle droefheid oor die sonde hang ...

Nee, as ons die Bybel lees, vind ons by die gelowiges by die traan altyd die lag. Die grootste ellende en nood kan die helder en diep stroom van egte blydskap in die lewe van die Christen nooit laat opdroog nie. Die groot sendingapostel, Paulus, is vir ons 'n ligtende voorbeeld. Onder die grootste swaarkry het hy die blydskap nie verloor nie. Hy roep ons uit die gevangenis op: "Verbly julle *altyd* in die Here!

Ek herhaal: Verbly julle!" (Fil. 4:4).

"Ware droefheid bring ware vreugde" (Calvyn). Die geheim van hierdie blydskap word deur die Here Jesus Christus in hierdie selfde saligspreking gegee.

## Waarom die treurendes salig is

Juis julle wat treur, is salig. Dit is Christus se tweede verrassing. Dat armes gelukkig geprys word, is vreemd, maar dat 'n treurende salig gespreek word, is minstens ewe onbegryplik.

Die geheim: want hulle sal vertroos word.

Wie sal hulle vertroos? Hoe sal hulle vertroos word? Daar is baie troosters en baie maniere om te vertroos. U ken hulle en hulle troos. Meestal is dit maar skraal: "Jy het darem nog nie alles verloor nie. Geniet die goeie – solank jy nog kan". Of: "Elke donker wolkie het 'n goue randjie". Dit is dieselfde tipe troos wat Job meer as tweeduisend jaar gelede al moedeloos laat sug het: "Dergelike dinge het ek al baie gehoor: treurige vertroosters is julle almal!" (Job 16:2).

Ek het êrens gelees dat die woord "troos" met vertroue verband hou. Om troos te hê sal dan dieselfde beteken as om vastheid, sekerheid onder die voete te hê.

Daarom is daar net Eén wat egte troos kan bied. Dit is God. Die profesie van Jesaja is vol daarvan. "Troos, troos my volk, sê julle God" (40:1). In 66:12,13 belowe God dat Hy Israel sal vertroos soos 'n moeder haar suigeling. Deur die nabyheid van sy moeder word die kind getroos, voel hy veilig. Hy het iemand aan wie hy behoort, wat vir hom sorg.

Wie dink nie hier dadelik aan die heel eerste vraag van ons troosboek, die Heidelbergse Kategismus, nie? "Wat is jou *enigste* troos in lewe en sterwe?" Die antwoord: dat ek aan Iemand behoort – my getroue Saligmaker!

Toe ons Saligmaker ons salig gespreek het, omdat ons vertroos sal word, het Hy reeds die groot Trooster, die Heilige Gees, in gedagte gehad. (Die woord vir "vertroos" wat in hierdie saligspreking gebruik word, het dieselfde stam as die woord *parakleet*, wat vir die Heilige Gees gebruik word). Kort voor sy kruisiging belowe Hy dat die Trooster sy plek sal inneem (Joh. 16:7).

Hierdie Trooster het met Pinkster gekom. Hy het gekom om vergoed by ons te

bly. Met sy koms is die ryk van God op die aarde gevestig. Hy werk in die harte van opstandige mense en maak van hulle gehoorsame burgers van hierdie ryk. Hy alleen kan die treurendes waarlik vertroos — Christus noem Hom nie sonder rede die Trooster nie.

Ons het aan die begin gesien dat Christus (in die eerste saligspreking) aan sy kinders die koninkryk belowe en in die daaropvolgende saligsprekinge verskillende seë-ninge van die ryk. Hier het ons nou die eerste Seëning, 'n Persoon, God self! Dit is ook Hy wat in ons die eienskappe skep wat Christus mense laat salig spreek liefde, vrede, sagmoedigheid ens. (vgl. Gal. 5:22).

Christus se "*sal* vertroos word" is dus reeds met die uitstorting van die Gees op Pinkster vervul. Daar wag egter nog 'n ryker vervulling met sy wederkoms. Dan sal die oorsake van enige treurigheid finaal verwyder word. Dan sal daar nie meer droefheid, leed, smart en pyn wees nie. God self sal die trane van ons oë afdroog (Open. 21:4)!

## Die gewetensvraag

Ook hierdie saligspreking stel ons voor die persoonlike vraag: Ken ek die droefheid tot God?

Daar is ook 'n droefheid van die wêreld. Oor hulle verkeerde dade het baie onge-lowiges spyt. Miskien is hulle bang vir die gevolge of skaam omdat hulle dade openbaar geword het.

Tussen spyt en berou is daar egter groot verskil. Spyt is wanhopige droefheid soos die van Judas Iskariot (Matt. 27:3-5). Dit bring geen verbetering nie. Droefheid oor ons sondes kan dit sonder die Here nie uithou nie. Droefheid *tot God* bly nie vrugteloos nie. Dit lei tot bekering. Sonde wat bely is, is sonde wat bestry word! Dink maar aan Dawid (2 Sam. 12:13), Petrus (Matt. 26:75) en die tollenaar (Luk. 18:13): "O God, wees my sondaar genadig!"

Omdat die mens in sonde geval het, is daar nie 'n ander weg tot die vreugde as die een wat deur die dal van droefheid, opregte berou en bekering loop nie. Die ou mens moet eers sterwe en begrawe word voordat die herbore mens met vreugde kan opstaan.

Het u al hierdie weg bewandel? Bewandel u dit elke dag weer opnuut? Dan is u van Christusweë *makarios!*

## 5. SAGMOEDIGES – WAT DIE AARDE BEËRWE!

Matt. 5:5

*Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.*

Christus se derde groot verrassing: Die sagmoediges – wat die hele aarde as erfenis ontvang! Dit bots tog met wat die ervaring van elke dag ons duidelik leer. Die wêreld behoort allermins aan die sagmoediges! Dit is juis die brutales, die magtiges en die gewetenlose rykes wat met wapengeweld heers.

Wat sou die Here Jesus tog bedoel?

**Wie is die sagmoediges?**

Woorde raak deur gebruik naderhand heeltemal verslete, só verslete dat ons die oorspronklike betekenis nie meer ken nie.

Die gevolg daarvan is dikwels dat ons 'n totaal ander betekenis aan woorde heg as wat hulle in die Bybel het.

'n Duidelike voorbeeld hiervan is die woord en begrip "sagmoedigheid". Wie is die sagmoediges van wie Christus hier praat? Is dit iemand wat gaaf, lief en saggeaard is, toegeeflik, gou om 'n kompromie te sluit, maklik in die omgang en nooit 'n harde woord sê nie?

Sagmoedigheid sou dan swakheid beteken. Sagmoedigheid in die Bybel gaan egter dikwels met groot krag en gesag gepaard. Die sagmoedige is iemand wat die waarheid sal bly handhaaf – al moet hy ook sterwe. Tereg sê iemand van die martelare: "They were *meek*, but never *weak*".

Maar wat is sagmoedigheid dan? Ek dink ons moet dit sien as 'n bepaalde houding teenoor jouself en teenoor ander.

'n Mens kan nie sagmoedig wees as hy homself nie as arm en ellendig voor God gesien het en daaroor diep bedroef is nie. Daar is 'n onlosmaaklike band tussen hierdie en die vorige twee saligsprekinge. Die vrug van die sagmoedigheid kan net aan die boom van die armoede van gees en treurigheid van hart groei.

Hierdie saligspreking gaan egter nog verder as die vorige twee. Ons verhouding tot

ons naaste kom ook hier ter sprake, of, beter gestel: sy verhouding tot ons. Om van myself te erken dat ek 'n ellendige mens, 'n slegte sondaar is, is nie maklik nie maar dit kan nog gaan. 'n Mens laat egter nie maklik toe dat ander dit van jou sê nie! "Ek het darem nog 'n bietjie selftrots ook!"

Dit is egter presies wat sagmoedig beteken: om die minste te wees (vgl. *Die lewende Nuwe Testament* se vertaling van hierdie saligspreking). Sagmoedigheid is nederigheid.

Talle Bybelfigure kan vir ons hier as voorbeelde dien. Abraham laat sy neef Lot toe om eerste te kies en die beste deel van die land te neem. So ook Moses – volgens Numeri 12:3 die sagmoedigste man op aarde – teenoor sy afgunstige broer en suster. Kyk na Dawid se optrede teenoor koning Saul – terwyl hy daarvan bewus was dat die Here Saul verwerp het en hy in sy plek koning sou word. Stefanus bid op sy grusame sterfbed dat die Here sy moordenaars moet vergewe. Ook Paulus moes maar steeds die minste wees.

Ons grootste Voorbeeld is die Persoon uit wie se mond hierdie saligspreking gekom het. In Matt. 11:29 sê Hy: "Ek is sagmoedig en nederig van hart". Hoeveel moes Hy nie aan valse beskuldigings, sarkasme, spot, veragting, haat en vervolging verduur nie! Ter wille van ons was Hy bereid om die gestalte van 'n slaaf aan te neem. Toe niemand van sy dissipels hom wou verneder om die ander se vuil voete te was nie, het Hy dit gedoen.

'n Sagmoedige in die Bybelse sin van die woord is nie 'n papperd of slappeling nie. Dit is 'n mens sonder selfroem, sonder eiebelang; iemand wat nie sensitief oor homself is nie maar eerder verbaas dat die mense hom nog so goed behandel.

Hoe is dit moontlik? Omdat sagmoedigheid ook nog 'n ander betekenis het wat 'n bepaalde verhouding tot God na vore bring.

In die Ou Testament beteken die Hebreeuse woord letterlik verdruk of gedruk. Die sagmoedige is die persoon wie se gemoed sag is: hy laat dit druk, vorm, buig en bestuur deur die wil van die Here. Die sagmoedige is iemand wat voor die wil van God buig – en hy verwag dit van sy naaste ook. Hy is wel verdraagsaam as dit oor homself gaan maar onwankelbaar as dit om die diens van God gaan. Dink maar weer aan die sagmoedige Moses: geduldig teenoor sy afgunstige broer en suster maar onversetlik as dit om die eer van Jahwe gaan! So ook Christus self. Net in die verse voorafgaande aan sy uitspraak dat Hy sagmoedig is, het Hy die onboetvaardige stede vervloek!

**Waarom is hulle salig?**

Die sagmoediges is gelukkig, omdat hulle erfgename is. Die woord *beërwe* beteken dat hulle dit wat hulle seker in besit sal kry, eintlik nou al besit. Hoewel die erfgenaam die erfenis wat aan hom bemaak is nog nie wettig besit nie, weet hy dat dit testamentêr syne is. Hoewel die ongelowiges al meer en meer die mag oor die aarde kry, is die gelowiges die eintlike besitters van dit wat tans nog in vreemde hande is!

Hulle erfenis is die aarde. *Die lewende Nuwe Testament* praat van "Die *hele* aarde", *Die Blye Boodskap* van "die *beloofde* land" en *Die Nuwe Testament en Psalms* van "die *nuwe* aarde".

In elke saligspreking word iets van die heerlikheid van die koninkryk belowe. Maar wat is die verband tussen die koninkryk en die nuwe aarde? Hier sien ons duidelik dat die koninkryk van God nie maar 'n bloot geestelike ryk is wat geen verband met die aardse werklikheid het nie. Die koninkryk wat met Christus se koms en die uitstorting van die Heilige Gees op die *ou aarde* gekom het en nog steeds komende is, sal in sy volle heerlikheid op die *nuwe aarde* kom.

In Openbaring lees ons nie dat die aarde (ons) hemel toe gaan nie maar die omgekeerde: die hemel daal op die aarde neer (vgl. Openb. 21:1)! God self, ons Koning, se woonplek is nou by die mense. Hy sal by ons bly (Openb. 21:3). Daarom sal die koninkryksheerlikheid daar ook in sy volmaaktheid aanbreek. Wat 'n ontsaglik heerlike belofte aan die sagmoediges: hulle mag saam met God op 'n splinternuwe aarde woon! 'n Ryker erfenis bestaan daar nie.

En omdat hierdie nuwe paradys nie as gevolg van menslike aktiwiteit tot stand sal kom nie – dit kom van Bo – is dit nie 'n utopia waarop ons hoop nie. Dit kom gewis en seker. Christus het die testament waarin die sagmoediges as erfgename benoem word, met sy eie bloed onderteken.

Daarom kan ons nou reeds vergenoeg en tevrede wees – al besit ons op die oog af min. Al lyk ons na bedelaars, uitgeworpenes en armes, weet ons ons is ryk, baie ryk.

Wie wil nie graag sagmoedig wees as hy hierdie saligspreking lees nie? Ons kan ons egter nie self sagmoedig en nederig maak nie. Dit is die werk van die Heilige Gees alleen (vgl. Gal. 5:22). Ons kan die Heilige Gees egter bid om ook die skone vrug in ons lewe voort te bring.

As gesalfdes van die Gees, as Christene het ons eintlik geen verskoning as ware sagmoedigheid by ons ontbreek nie ...

# 6. HONGERIGES – WAT VERSADIG WORD!

Matt. 5:6

*Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.*

Iemand wat beweer dat die Christendom 'n vaal en saai godsdiens is, moet maar die saligsprekinge lees. Ons het nog nie eers van die een verrassing herstel nie, dan word ons al deur die volgende oorrompel.

In hierdie vierde saligspreking word van honger en dorstige mense gepraat. Die werkwoorde wat vir honger en dors gebruik word, dui op 'n sterk begeerte. Eintlik moet ons van 'n verterende honger en 'n brandende dors praat. Alleen mense wat al werklik honger en dors was, weet hoe sterk sulke ervarings kan wees. 'n Mens kan, as jy werklik honger of dors is, oor niks anders as kos en water dink nie! Dit is ook nie maar begeertes van verbygaande aard nie. Dit verlaat jou nie alvorens die begeerte gestil is nie!

Weer eens is dit nie alle mense wat na kos en water smag nie. Hierdie saligspreking is makliker as die eerste twee (armes en treurendes), omdat dit vir ons presies sê waarna gehonger en gedors word.

Soos by die vorige saligsprekinge stel ons weer twee vrae:

1. Waarna word gehonger en gedors? en
2. Waarom is juis hulle salig?

## Honger en dors om te doen wat God wil hê

Die voorwerp van die honger en dors is in hierdie geval nie voedsel en drank nie. Hier word na ander spys en drank gesmag: om God se wil te doen. Die *Nuwe Testament en Psalms* vertaal: "om te doen wat reg is". Die ouere vertaling praat van die "geregtigheid". Volgens die oorspronklike Grieks staan daar nadruklik "die geregtigheid".

Watter geregtigheid word hier bedoel?

Hierbo het ons al gesien dat die saligsprekinge teen die basiese uitgangspunte van die Fariseïstiese lewensbeskouing indruis. Ook hier kom dit weer duidelik na vore. Die Fariseërs, wet- en skrifgeleerdes smag nie na die geregtigheid waarvan Christus

hier praat nie. Hulle is versadig van hulle eie geregtigheid. Daarom het hulle ook nie aan 'n Saligspreker behoefte nie – hulle spreek hulleself op grond van hulle verdienste salig! Christus sê egter aan die skare dat as hulle geregtigheid nie oorvloediger as die van die Fariseërs is nie, hulle die koninkryk nooit sal binnegaan nie.

"*Die* geregtigheid" waarvan Christus hier praat, is die geregtigheid *van die koninkryk* en nie die van die Fariseërs nie.

Wat is die verskil?

Die behoeftiges (arm, treurend, sagmoedig en honger) se grootste behoefte is om te doen wat reg is. Wat reg is, weet ons alleen uit die wet van God. Wie honger en dors na die geregtigheid, is dus iemand wat met sy hele wese daarna strewe om God se wet te gehoorsaam. 'n Regverdige is volgens die Skrif iemand wat sy lewe na die wil van God soos in sy wet geopenbaar, skik en rig. As 'n mens in die regte verhouding tot God se wet staan, dan is jou verhouding met God self ook reg. Dit is die mees fundamentele van die honger en dors na geregtigheid: om jou verhouding met God reg te maak.

Om na geregtigheid te verlang gaan dus veel dieper as bloot 'n bietjie ordentlikheid, beskaafdheid of sedelikheid.

Maar hoe verskil hierdie ware geregtigheid van die van die Fariseërs? Daar is by die selfingenome Fariseërs nie meer 'n honger en dors nie. Hulle is al versadig – met hulle eiegeregtigheid. Staan die *wet van God* dan nie sentraal in hulle lewe nie? Maar het hulle die *God van die wet* waarlik lief? Of is hulle wetsvervulling alleen koue formaliteit?

Die armes, treurendes en hongeriges besef egter dat hulle nie aan die reg van God kan voldoen nie. Omdat hulle besef dat verdienste uitgesluit is, is al wat hulle kan doen, om met 'n groot begeerte daarna te hunker. By hulleself vind hulle niks wat die honger kan stil en die dors kan les nie.

### Juis hulle is salig

Opmerklik is dat Christus sê: "Salig is die wat (maar net) *honger en dors* na die geregtigheid" en nie "salig is die wat die geregtigheid *besit* nie". Dit wys daarop dat hierdie geregtigheid nie 'n geregtigheid is wat *verwerf* word nie, maar 'n geregtigheid wat *geskenk* word. Soos in die vorige saligsprekinge vind ons hier nog 'n heerlike *gawe* van die koninkryk van God.

Die smagtendes se brandende begeerte word vervul – nie met 'n surrogaat nie maar met die *ware* geregtigheid.

Agter elke saligspreking staan die Saligmaker, die Verlosser. Die berg van saligsprekinge is ondenkbaar sonder die heuwel Golgota! Ook in hierdie geval: Christus het die ware geregtigheid aan die kruis verwerf. Met Christus het die koninkryk van geregtigheid op aarde gekom, want Hy het die reg van God, soos in sy wet geëis, volbring. Deur na Hom te honger en dors kry ons aan sy geregtigheid deel!

Daarom word ons telkens by die herdenking van sy lyde en sterwe uitgenooi: "O, almal wat dors het, kom na die *waters;* en wie geen geld het nie, kom koop en *eet* ... sonder geld en prys ....!" (Jes. 55:1). Sy liggaam is verbreek om ons honger te stil en sy bloed vergiet om ons dors te les. En wie hierdie water gedrink het, sal nooit weer dors kry nie (Joh. 4:13)! "Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe – verniet" (Openb. 21:6b).

Die belofte wat Christus hier gee, is dus reeds vervul. Die enigste "voorwaarde" om daaraan deel te hê is om daarna te smag – met jou hele bestaan, alles wat jy is. Kan dit eenvoudiger?

Let weer eens op die pragtige volgorde. 'n Mens soek nie na gelukkigheid nie. Jy soek in die eerste plek geregtigheid – en jy *ontvang* nie alleen geregtigheid nie maar ook saligheid!

## Heiligmaking

In Christus geregverdig! Maar soos honger en dors na voedsel en vloeistof nooit ophou nie, so ook nie honger en dors na die geregtigheid nie. Ons is geheiligdes in Christus, maar die weg van heiligmaking hou nooit op nie.

Die hongeriges en dorstiges is nie mense wat sonder sonde is nie. Dit is juis mense wat maar te goed van hulle verlorenheid bewus is. Elke dag weer moet hulle stry teen die mag van die sonde en hulle eie begeerte na dit wat verkeerd is. Want nadat hulle die Regverdige leer ken het, het hulle God se wet lief en haat hulle die sonde.

Dit is presies op hierdie punt waar selfondersoek baie noodsaaklik is. Hierdie saligspreking toets op indringende wyse die peil van ons lewe as gelowiges. Is ons bekommerd oor ons geregtigheid voor God? Sien ons deur ons valse (eie)geregtigheid? Besef ons dat ons vir ewig verlore is as ons nie daagliks ons toevlug tot die geregtigheid van Christus neem nie, omdat ons dan onder die toorn van God

lewe?

Is ons heilig ontsteld oor die feit dat daar so weinig geregtigheid in die wêreld geskied? Maak dit ons diep seer as ons sien hoe God se gebooie in die wêreld geminag word? En .... *doen* ons iets daaraan?

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat dit in geregtigheid nie net om ons verhouding tot God gaan nie. As ons sou sê dat ons regverdiges is, omdat ons Christus ken, en terselfdertyd ons naaste haat, onderdruk, uitbuit, verkul en sleg behandel, is ons skynheiliges, leuenaars. Geregtigheid in ons verhouding tot God wat nie geregtigheid in ons optrede teenoor die naaste tot gevolg het nie, is nie ware, saligmakende geregtigheid nie!

Honger en dors is elementêre drange. Dit is egter van die sterkste begeertes. Dit kan 'n mens so totaal in beslag neem dat jy aan niks anders kan dink nie. 'n Mens wat werklik honger of dors is, is desperaat, omdat hy besef dat sy lewe op die spel is. Hy móét kos en water vind, en gou ook – anders sterwe hy.

Iemand se verlange na 'n geliefde kan hom letterlik verteer ...

Is dit tiperend van ons verhouding teenoor God en teenoor sy wet? Nie maar af en toe nie. Elke dag!

As u hierop bevestigend kan antwoord, is u ook een van hulle vir wie Christus gesê het "geseënd is julle!"

## 7. BARMHARTIGES – WAT BARMHARTIGHEID ONTVANG

Matt. 5:7

*Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.*

In die eerste vier saligsprekinge is die Christen se behoeftes geteken: arm, treurend, nietig, honger en dors. Die vierde saligspreking bevat reeds die *vervulling* van die behoeftes: God vervul hierdie begeertes.

Na die moeisame tog bevind ons ons nou bo-op die berg. Die maaltyd wat ons daar kon nuttig, het ons versterk, en die koel bergstroom wat daar ontspring, het ons verkwik. Nou moet ons weer berg afwaarts. Dikwels is dit moeiliker en gevaarliker om af as op te klim. Ook in hierdie geval. In die drie saligsprekinge wat volg, word aangetoon wat die *resultate* van die versadiging met God se geregtigheid is: barmhartig, rein, vredemakers. Die *gevolge* is egter nog ingrypender: smaad, belediging, vervolging ...

Die eerste uitwerking van versadiging met die verdienste van Christus is barmhartigheid. Waar dit in die vorige saligsprekinge hoofsaaklik oor die mens se persoonlike nood gegaan het, kom die verhouding tot die naaste hier pertinent na vore.

Weer twee vrae:

1. Wie is die barmhartiges? en
2. Waarom is juis hulle salig?

### Die barmhartiges

Word met barmhartige enigeen bedoel wat 'n oog vir die nood van ander het? Nee, ook hier moet ons die verband met die voorafgaande in gedagte hou. Dit is die armes, treurendes, sagmoediges, die wat smag na wat reg is, wat ook barmhartig is.

Hierdie saligspreking is die logiese gevolg van die een wat voorafgaan. God het aan ons barmhartigheid in Christus bewys. As onregverdiges is ons regverdig verklaar. Die verskriklike beker wat Christus moes drink, het vir ons 'n beker van geregtigheid geword. Wie God se barmhartigheid gesmaak het, kan nie anders as om self ook barmhartig te wees nie.

Die woord "barmhartigheid" is 'n uitdrukking uit die taal van die regspraak. In die oudheid kon die aangeklaagde sy regters om versagting, om barmhartigheid,

smeek. Die regter kon die skuld kwytskeld.

So beteken God se barmhartigheid ook begenadiging, vryspraak, vergewing van die doodvonnis. Daarom word die woord "barmhartig" in die Ou Testament ook meestal van God gebruik. In die Nuwe Testament kom dit behalwe hier in die saligsprekinge net een maal voor en dan met betrekking tot Christus. Wanneer Christus dus die woord hier gebruik, wek Hy daarmee onmiddellik die gedagte by sy hoorders op: Salig is die wat *soos God* barmhartig is, deur aan ons – onverdiend – volkome geregtigheid toe te reken.

Wat is barmhartigheid? Vind ons dit by 'n mens wat maar tegemoetkomend, toegeeflik, simpatiek is? Is dit iemand met 'n maklike geaardheid? Dit is wat dikwels in die omgangstaal daaronder verstaan word maar nie wat hier daarmee bedoel word nie.

God is wel barmhartig maar nie in dié sin dat Hy die sonde maar deur die vingers sien nie. Hy is óók regverdig. Van sy geregtigheid het ons so pas in die vorige saligspreking verneem: Christus moes in ons plek sterwe om vir ons ongeregtigheid te betaal. In die feit dat dit *sy* Seun is wat in ons plek gesterwe het, sien ons egter dat sy regverdigheid altyd met oneindige liefde en barmhartigheid gepaard gaan.

Dit laat my dink aan die verhaal van die koning wat 'n wet uitgevaardig het met die waarskuwing dat oortreders daarvan albei oë sal verloor. Toe sy eie seun die eerste oortreder geword het, het dit hom voor 'n moeilike beslissing geplaas. As hy 'n regverdige koning was, moes hy hom hou by sy woord en sonder aansien van die persoon straf. Terselfdertyd was dit sy kind, wat hy liefhet. Om aan beide geregtigheid én barmhartigheid te voldoen het hy toe een oog van sy seun en een van sy eie oë laat uitsteek!

So moet ook ons barmhartigheid nooit ten koste van gehoorsaamheid aan God se wet beoefen word nie. Vir mense wat in sonde geval het, moet daar by ons groot deernis wees – maar nooit in die sin dat ons hulle dade goedkeur nie.

Maar daar is meer kenmerke van ware barmhartigheid. As twee mense dieselfde doen, is dit nog nie dieselfde nie. Alle barmhartigheid is ook nie die barmhartigheid waarvan Christus hier praat nie. Daar is ook so iets soos die barmhartigheid van die goddelose. Spreuke 12:10 sê egter dit is 'n wrede barmhartigheid. Wrede barmhartigheid is 'n innerlike teenstrydigheid – dit is eerder wreedheid as barmhartigheid!

Barm*hart*igheid sonder 'n *hart* is onmoontlik. Die hart is die plek waar die liefde –

of die haat – ontbrand. Daarom sê Paulus ook (I Kor. 13:3): "Al sou ek al my goed uitdeel aan die armes, en ek het die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie".

Hartlose barmhartigheid is nie barmhartigheid nie. In 'n mens se barmhartigheid moet jou hart, m.a.w. jyself teenwoordig wees. 'n Mens kan nie werklik iets aan iemand anders gee (jou medelye) as jy nie jouself aan hom gegee het nie. (Net soos wat dit niks help om iets van jou aan God te gee as jy nog nie jouself aan die Here oorgegee het nie.)

Die Fariseërs het dikwels hulle barmhartigheid in 'n aalmoes laat opgaan. Barmhartigheid kan nie maar bloot via die kollekte aan die armes beoefen word nie: nie alle oop beurse is bewys van oop harte nie!

*Versaaklikte* barmhartigheid is die barmhartigheid waar die hart ontbreek. In *persoonlike* barmhartigheid leef en ly ons saam met ons medemens. Kortom: barmhartigheid is niks anders as smart wat ons as gevolg van die droefheid van ander ly nie. Alleen as ons mee-ly, saam ly en so 'n deel van die las dra, is ons barmhartig. Ons moet help asof dit ons eie lyde is. Want ons kan duisend maal verklaar dat ons medelye met die lydendes het, maar as ons hulle nie help nie, beteken al ons plegtige verklaringe absoluut niks nie.

Wie dink nie hier aan die bekende gelykenis van die barmhartige Samaritaan nie? Die priester en Leviet het groot liefde vir die *saak* van die Here, sy gebooie en sy tempel gehad. Ontfermende liefde vir die *skepsel* van die Here het egter ontbreek. Hulle was godsdienstige mense met genoeg godsdienstige redes (verontreiniging ens.) om verby die kreunende, lydende man te stap... Die Samaritaan was nie 'n "godsdienstige man" nie. Maar hy het nog 'n hart gehad. Hy was wel 'n sakeman maar nie versaaklik nie!

Uit die voorgaande is dit ook baie duidelik dat barmhartigheid maar nie net 'n gevoel of emosie is nie. Mee*gevoel* is nie genoeg nie. Mede*lyde* is wat God vra. Barmhartigheid is simpatie (saamvoel) én aksie. Die barmhartige Samaritaan het innig jammer *gevoel* vir die Jood – sy aartsvyand – en iets daaraan *gedoen!*

Barmhartigheid beteken behalwe medelye ook geduld met ons naaste. Daarby kom vergewensgesindheid. Ons lees in Matt. 18:21-35 van 'n man wat sy baas miljoene rande geskuld het. Dit word hom kwytgeskeld. Onmiddellik daarna loop hy iemand wat hom 'n paar rand skuld, raak. En ... hy dwing hom om alles te betaal!

Nie net sewe maal nie, maar sewentig maal sewe maal moet ons bereid wees om te

vergewe – en te vergeet (Matt. 18:22)!

God was so geduldig met ons – en Hy is dit nog elke dag. Hy het ons *alles* vergewe. In Christus het Hy sy hart vir ons oopgemaak. "Omdat God in Christus sy hart aan ons gee, daarom vra Hy ons hart" (Overduin).

Wie onbarmhartig is, bewys daarmee dat hy die barmhartigheid van God nie ken en nie daaruit lewe nie.

**Waarom is die barmhartiges salig?**

Omdat aan hulle barmhartigheid bewys sal word – juis aan hulle, net aan hulle. Vir wie nie barmhartig is nie, wag die oordeel (Jak. 2:13).

Die teenoorgestelde van "salig is die barmhartiges" is: "vervloek is die onbarmhartiges". Wie onbarmhartig is, bewys dat hy nie aan die barmhartigheid van God deel het nie. Hy is nie 'n burger van die onverganklike ryk waarvan Christus die seëninge hier beskrywe nie.

Ook hier: saligheid teenoor rampsaligheid ...

Vir wie baie vergewe is, hy het ook baie lief. Moontlik besef ons nog nie heeltemal, soos die onbarmhartige skuldeiser, hoeveel ons werklik vergewe is nie. Dáárom is ons liefde so klein en flou.

Die liefdesgebod is 'n twee-eenheid: Wie God se liefde werklik gesmaak het, kan nie anders as om sy naaste lief te hê nie. En wie sy naaste opreg liefhet, bewys daarmee dat sy liefde tot God eg is.

Beteken dit dat my barmhartigheid en vergewensgesindheid teenoor my naaste die voorwaarde vir God se barmhartigheid teenoor my is? Dit is 'n soortgelyke vraag as wat ons by die vorige saligsprekinge al teëgekom het. Die antwoord is ook dieselfde. As ons armoede, droefheid, honger en barmhartigheid die voorwaarde was op grond waarvan Christus ons salig moes spreek, sou die negevoudige *makarios!* nooit teen die hange van die berg weerklink het nie.

Ons *verdien* nie God se barmhartigheid nie. Ons *leer* slegs barmhartigheid uit sy barmhartigheid. Ons gee slegs ontvange barmhartigheid deur. 'n Mens se barmhartigheid teenoor jou naaste is eintlik God se barmhartigheid teenoor jou!

God se barmhartigheid – 'n uitnemende voorreg wat net die burgers van sy ryk mag geniet – is gawe, geskenk. Ons kry dit volledig present!

Met so 'n groot *gawe* is die *opgawe* om self ook vol barmhartigheid te wees nie 'n swaar *plig* nie maar loutere *vreugde!*

## 8. REINES – WAT GOD SIEN!

Matt. 5:8

*Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.*

Die sesde maal weerklink teen die berghang sterk en helder: *"Makarios!"* Dit eggo teen die berg en deur die dale. Dit tril op die ore en dring deur tot diep in die harte van die verbaasde skare. So 'n Rabbi het hulle nog nooit gehoor nie!

Die skare is nie net verstom omdat hierdie Veldprediker sulke heerlike dinge sê nie – van die skrifgeleerdes het hulle net verwyte ontvang. Hulle word ook tot in die diepste van hulle bestaan geskud, want hierdie Leermeester bly nie maar aan die oppervlakte, aan die buitekant nie. Hy dring deur tot die wesentlike. Hy verkondig nie die uiterlike reinigingsrites van die Fariseërs nie. Hy steek deur na die hart van die saak – die hart self! Dáár, diep daarbinne moet dit skoon wees!

### 'n Godsdiens van die hart

Reeds by die vorige saligspreking het ons gesien dat 'n kind van die Here iemand is met 'n hart: hy is barmhartig.

Ons dink dikwels dat godsdiens bloot 'n saak van die verstand is. Solank ons net intellektueel met die belydenis van die kerk instem, is alles in orde. In reaksie hierteen lê ander alle klem op die emosionele: godsdiens is in die eerste plek 'n saak van die gevoel. 'n Mens moet dit kan belewe! Sommige sê in die Christenwees gaan dit om wat jy *is*. Ander, veral vandag, reageer daarteen deur alle klem te lê op wat jy *doen*.

Al hierdie standpunte het op een of ander manier die waarheid beet. Wat hulle beklemtoon, is egter *uitvloeisels*, resultate. Die Here Jesus Christus lê hier die vinger op die *bron*. Spreuke (4:23b) sê dat in die hart die oorspronge van die lewe is. "Hart" beteken hier veel meer as die bloedpomp of die setel van die gevoel of emosies. Dit dui op die sentrum, die kern van die mens se bestaan.

Christus wil hê die hart moet reg wees. Dit help nie om chemikalieë in 'n brak of bitter stroom water te gooi nie. 'n Mens moet terug na die bron en dáár vasstel wat die fout is!

Dit is ook nie die omgewing wat die mens in die eerste plek laat sondig nie. Dit ook wel. Die sondeval van Adam en Eva in die paradys (let wel: die ideale omstandighede van 'n paradys) is die duidelike bewys daarvan dat die fout by die mens self lê.

Die probleem is dat ons ons eie hart so swak ken. Dit is onvoorspelbaar en lê so diep dat dit alleen vir God bereikbaar is ... en ook die duiwel ken die geheime invalspoort. Daarom sê Spreuke (4:23a): Bewaak dit beter as enigiets anders!

In die Christelike godsdiens gaan dit om die wesentlikste van ons bestaan: ons hart.

## Reinheid van hart

Wat bedoel Christus met die reines van hart?

Rein beteken skoon – ook hier – solank ons dit nie net tot sedelike reinheid beperk en sê Christus eis hier dat ons nie onsedelike gedagtes mag koester nie.

Rein van hart beteken veel meer. Dit hou ook in dat ons woorde en dade met die gesindheid van ons hart in ooreenstemming is. Daarmee word bedoel dat ons nie net uiterlik (ons dade) nie maar ook innerlik (ons gesindheid, gedagtes, motiewe) suiwer en opreg is. Daar mag geen dubbelslagtigheid, onsuiwerheid in ons lewe wees nie. 'n Reine van hart is iemand wat God met sy hele en nie met 'n halwe hart dien nie (Jes. 38:3). Hy is van ganser harte in God se diens en huigel nie, gee nie skynheilig voor dat hy God dien terwyl sy hart ver van God af is nie (Jes. 29: 13 en Mark. 7:6).

Ons hart is dus rein as daar net vir God plek is: as Christus alleen Koning in ons lewe is; as Hy met sy Woord en Gees alleenseggenskap op ons het. Reinheid van hart is dus eintlik maar 'n ander manier om die eerste gebod ("Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie") te stel.

Dubbelhartigheid, verdeelde lojaliteit word hier deur Christus veroordeel. Die èn ... èn houding – bv. èn God èn Mammon – is 'n duidelike voorbeeld van onreinheid van hart.

Soos die meeste van die ander saligsprekinge is ook hierdie een 'n verdoeming van die tipe godsdiens wat die volk Israel baie goed geken het, naamlik die van die Fariseërs.

Hierdie godsdienstige leiers het die talle reinheidswette op die punte van hulle vingers geken. Honderde kere op 'n dag het hulle gewas – nie om higiëniese redes nie maar uit godsdienstige oorwegings (vgl. Matt. 23:25-28). Hulle het – dag en nag – amper nie daarin geslaag om uit die bad te kom nie!

Van buite vlekkeloos, silwerskoon. Maar wat sê Christus van die binnekant? Witgepleister van buite – om die doodsbeendere binne te bedek! Hulle vroomheid is vernis, aangeplak, huigelary, geveinsdheid, want binnekant is dit morsdood soos in 'n graf. In hulle harte ruik dit na dood, omdat opregte liefde, godvresendheid, ware geestelike lewe daar ontbreek.

Hulle heiligheid is meer skyn as heiligheid. En dit is heiligheid wat Christus hier vra – die heiligmaking waarsonder niemand God sal sien nie.

Christus keer steeds die orde om. Of beter gestel: Hy stel die volgorde wat ons omgekeer het, weer reg. In Matt. 15:1-20 sê Hy dit is nie die dinge wat in die mond ingaan nie (a.g.v. ongewaste hande), maar die dinge wat uit die mond uitgaan. Die gevaarlikste kieme kom nie van buite nie maar van binne, uit die hart: slegte gedagtes, woorde, egbreek, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal.

Die Fariseërs, die reinheidspesialiste met hulle skoonmaakwoede, word genadeloos ontmasker. Hulle is baie ver van die reinheid *van hart* af!

### Wie kan dan salig wees?

Is daar dan enige rein mens op aarde (Spr. 20:9, Job 14:4)?

Reinheid moet egter nie as sondeloosheid verstaan word nie. Jesus spreek nie diegene salig wat in al hulle lewensuitinge rein is nie, maar dié wat van binne, in die wortel van hulle bestaan, deur God rein gemaak is. Sulke mense hou nooit op om te stry teen die sonde wat hulle hart tussen God en Satan wil verdeel nie.

Reinheid van hart is nie om rotsvas van jou eie reinheid oortuig te wees nie. 'n Rein hart is, gesien in die lig van die vorige saligsprekinge, 'n geestelike arm hart wat na geregtigheid en reinheid smag. Rein van hart is hulle wat soos Dawid die versugting slaak: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in my binneste 'n vaste gees" (Ps. 51:12); "Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees, was my dat ek witter kan wees as sneeu" (v. 9).

Reinheid beteken nie sondeloosheid nie – selfs nie eers om geheel van Fariseiśme en skynheilige dubbelhartigheid vry te wees nie. "Wie die sonde van sy Fariseiśme opreg bely, hou op dieselfde moment op om Fariseër te wees. Wie sy onreinheid voor God en mense bely, is daarin rein" (Overduin).

Wie na Christus vlug omdat hy die donker dieptes van sy eie bose hart gesien het en daarvoor bang geword het, is reeds rein.

Die heiligmaking, waarom dit hier gaan, is egter nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Dit is 'n proses – van dag tot dag.

Die wyse waarop 'n mens se hart rein word, het ons hierbo al van Dawid verneem. Daar is net één Adres waartoe jy jou kan wend. God self, sy Heilige Gees alleen kan ons heilig, rein maak. Om jou in 'n klooster uit die wêreld te onttrek sal niks help nie. Jou sondige hart gaan saam met jou die afgesonderde kloostersel in!

## Die belofte

Nog meer as enigeen van die voriges is die rede vir die saligheid hier 'n verrassing. Die reines van hart sal God sien! U het reg gehoor: vir God self sal hulle sien.

Die belofte sluit duidelik aan by die gesteldheid van die gelowige. 'n Mens met 'n hart waarin daar alleen vir God plek is, alleen so 'n mens sal die voorreg hê om dié God wat hy van harte dien, te sien.

Oor hierdie aanskoue van God is daar al boekdele geskrywe. Ek kry die indruk (o.a. uit die Middeleeuse literatuur oor die onderwerp) dat die denkers so besig was met die probleem van hoe dit moontlik is om God te *sien* dat hulle aandag skoon van die belangrikste afgetrek is: dat ons *God* sal sien!

In alle geval, die reines van hart is volgens Christus se belofte mense wat sal sien. Rein harte sien verder en skerper: hulle sien selfs Iemand wat ander nie raaksien nie, nl. God!

Dink maar net daaraan hoe Jesus se tydgenote in Nasaret Hom gesien het. Hulle het in die Kind van Betlehem, die Timmermanseun, die Rabbi, die tussen misdadigers Gekruisigde, nie Christus, die Verlosser, gesien nie.

Twee eenvoudige mense, Simeon en Anna, sien egter reeds in die Kind in die tempel

die Messias. Hulle was reines van hart: Anna, wat slegs *een* begeerte gehad het, nl. om God in vas en gebed te dien; Simeon, wie se hart in groot verlange net op *Eén* gerig was, nl. die beloofde Messias wat sou kom. Omdat hulle reines van hart was, kon hulle so skerp sien – dwarsdeur die eenvoud van die Timmermanskind van Nasaret.

Die probleem met hierdie belofte dat die reines van hart God sal sien, is dat elders in die Bybel duidelik gesê word dat God onsienlik is (vgl. o.a. Ex. 33:20; Joh. 1: 18a; I Tim. 6:10).

Calvyn waarsku vooraf dat ons ons nie te veel daaroor moet bekommer hoe ons dit moet verstaan nie. Ons taak is in die eerste plek om die weg van reinheid van hart te bewandel – die res moet ons in die hande van God laat. "Sommige sou deur al die kamers van die hemel wil gaan om te weet wat daar gebeur, maar intussen bekommer hulle hulle nie die minste oor hoe om daar te kom nie!"

Onnodige nuuskierigheid en spekulasie moet vermy word. Dit laat my dink aan Augustinus se antwoord op die spekulatiewe vraag oor wat God gedoen het voor Hy die hemel en aarde gemaak het. Sy antwoord was: "God het toe die hel gemaak vir diegene wat sulke nuuskierige en nuttelose vrae stel!"

Sommige verstaan die *sien* in die sin van "ken". Die wat rein van hart is, sal God beter kan ken en verstaan as die onreines.

Ander wys op die toekomende tyd waarin hierdie belofte gestel is, en verstaan onder *sien* 'n ontmoeting met God, voor sy aangesig verskyn, in gemeenskap met Hom lewe.

*Sien* word in die Bybel ook gebruik vir "geniet", "besit". Daarom het sommige Skrifverklaarders die belofte so verstaan dat God ons deel, ons erfenis, sal wees. God belowe Homself hier aan die reines van hart!

Ook in hierdie saligspreking word iets aangaande die heerlikheid van die koninkryk openbaar. Die koninkryk wat kom, sal die teëstelling tussen hemel en aarde wegneem, en die nuwe aarde (wat uit die hemel neerdaal) sal net so goed as die hemel die plek wees waar die aangesig van God gesien sal word.

Dit is egter nie net suiwer toekomsmusiek nie, omdat die koninkryk in Christus reeds gekom het. Die reines van hart sien, hoewel deur 'n spieël in 'n raaisel, nou

reeds iets. Het God Hom dan nie aan ons geopenbaar nie? Hy het dit gedoen deur sy Woord: Skeppingswoord, Skrifwoord en vleesgeworde Woord.

Kom ons kyk eers na sy *Skeppingswoord.*

In die eerste plek sien die gelowiges, die reines van hart, God se leiding in hulle lewe raak. En dit geld nie net genadige uitredding en wonderbaarlike bewaringe – of strafgerigte – nie. Wie se hart rein is, se oë is oop vir die liefdevolle leiding en nabyheid van God in die dikwels eentonige, alledaagse bestaan.

Behalwe die opmerksaamheid t.o.v. God se bestiering van jou persoonlike lewe is dit ook die reines van hart wat iets van God se onpeilbare handel in die wêreldgeskiedenis sal raaksien. Al is dit onmoontlik om God se voetstappe op die kaart van die wêreldgeskiedenis uit te stippel, glo die kind van die Here ten minste dat die geskiedenis nie blote toeval is nie – God is daarin werksaam.

In die tweede plek het die reine van hart 'n oog vir al die goeie dinge wat God in hierdie lewe nog aan ons skenk. 'n Rein hart is daarom ook 'n hart vol dankbaarheid.

In die derde plek, dink ek, dat alleen 'n rein hart, waarin God die belangrikste plek het, die vermoë besit om God se grootheid, heerlikheid en majesteit in die natuur te bemerk. Nie net in die majestueuse berge, bruisende riviere en die onpeilbare dieptes van die heelal – waar afstande in ligjare gemeet word nie – maar ook in die kleine: 'n eenvoudige veldblom, in die wonderwêreld van die atoom ...

God se *Skrifwoord* is die tweede middel waardeur ons Hom reeds in hierdie lewe kan sien. Hy het Hom daarin in sy geregtigheid maar ook in sy onbegryplike liefde en genade aan ons geopenbaar. Alles wat ons nodig het om van God te weet, kan ons in die Bybel vind. As ons die Skrif werklik bestudeer, sal ons God sien!

Die laaste – en die belangrikste – wyse waarop die gelowige God nou reeds sien, is in die aangesig van Jesus Christus, die *vleesgeworde Woord* (vgl. 2 Kor. 4:6 met I Joh. 3:2,3). Christus is die beeld van God wat na die mense toegekeer is. Wie Hom gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:8,9).

Die sien van God is eers dan saligheid wanneer ons God se genadige hart, Jesus Christus, gesien het. In die Middelaar sien ons God se hart vol liefde. Hoe meer ons Christus alleen bo alle mense en omstandighede, alle ellende en nood sien,

des te meer is ons rein, suiwer, opreg, ongedeeld van hart – en des te meer is ons salig!

En – laat ons dit nie vergeet nie – die Heilige Gees het met Pinkster gekom om permanent by ons, in ons te woon. Die reine van hart sal onmiskenbaar daarvan bewus wees. Hy sal duidelik sien hoe die Gees besig is om sy lewe te verander, te vernuwe. Hy sal die troosryke teenwoordigheid van die Gees van God ervaar.

Hoe die reine van hart God nou reeds kan sien, hoef dus nie so problematies te wees nie!

Soos met al die beloftes in die saligsprekinge wag die heerlikste egter vir die laaste. Eenmaal, op die nuwe aarde, wanneer God onder sy kinders sal woon, sal ons "van aangesig tot aangesig" sien.

Hoe dit moontlik sal wees, is nie die belangrikste nie. *Dat* dit so sal wees, is belangrik.

Dan sal ons nie net in die seëninge van die ewige koninkryk deel nie. Dan ontmoet ons die Koning van die ryk! Dan mag ons vir ewig in sy heerlike nabyheid verkeer.

Is daar iets geweldigers as dit: die Skepper en Onderhouer van alles, die Koning van die konings ontmoet?

Vir 'n ontmoeting met 'n aardse hooggeplaaste berei 'n mens jou lank vooraf voor. Met afwagting tel jy die dae. Doen ons dit ook in hierdie geval?

Sonder die heiligmaking sal niemand God sien nie, sê die Hebreërbrief. Ons taak terwyl ons nog op die groot dag moet wag, is duidelik!

# 9. VREDEMAKERS – WAT GOD SE KINDERS IS!

Matt. 5:9

*Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.*

Die wêreld sou nie erken dat hy groot behoefte aan armes, treurendes, hongeriges en vervolgdes het nie. Is daar nie reeds genoeg sulke mense nie!

'n Barmhartige sal moontlik nog aanvaar word, maar met sagmoediges en reines kan ons tog nie die wêreldprobleme oplos nie!

Aan vredemakers is daar vandag egter 'n ontsaglike groot behoefte. Beroepsvredemakers deurkruis die aarde. Die een dag is hulle hier en die volgende dag is hulle duisende kilometers verder. Dae en nagte sit hulle in die vergadersale van die wêreld en probeer hulle paai, kalmeer, die gemoedere tot bedaring bring. Vrede bereik hulle nooit nie. As hulle oorlog kon uitstel, het hulle al baie bereik!

Hierdie saligspreking het na tweeduisend jaar dus nog niks aan aktualiteit verloor nie. Wat sou Christus hier met vredemakers bedoel?

## Wie is die vredemakers?

'n Vredemaker in die sin wat Christus dit hier bedoel, is sommige mense nie maar van nature nie. Christus het nie hier in gedagte die van geaardheid vredeliewende, onskuldige tipe wat goed met sy bure oor die weg kom en nie die nagtelike rus versteur nie.

Ons moet altyd die verband met die vorige saligsprekinge in gedagte hou. Christus gaan hier voort om die burgers van sy ryk (armes, treurendes, sagmoediges, hongeriges, barmhartiges en reines) te beskrywe. Die gesindheid van vrede is die blom wat alleen in die hart van die sagmoediges en reines kan bloei.

Verder is dit ook so dat die een saligspreking op die ander bou. Ek het alreeds die aandag daarop gevestig dat dit in die eerste vier saligsprekinge meer oor *persoonlike behoeftes* gaan, terwyl dit in die laaste vier moeiliker word: dit gaan daar om *tussenmenslike verhoudinge*. Vers 7 het oor barmhartigheid gehandel, iets wat van *een kant* kom. In die geval van vrede gaan dit om versoening in 'n verhouding waar *twee of meer* betrokke is.

Waarom is die wêreld 'n plek van onvrede, haat, oorlog, geweld, terreur? Die fundamentele antwoord daarop is: omdat die Satan nog hier heers. Hy is die "vors van onvrede". As hy tweespalt, verdeeldheid en onmin kan saai, is hy in sy element. Al die vrugte van die vlees is alleen vir onvrede bevorderlik: vyandskap, haat, naywer, moorde, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns ... (Gal. 5:20,21).

God is 'n God van vrede (2 Tess. 3:16; I Kor. 14:33; Gal. 5:22) en Christus is die Vredevors. Daarom heers daar 'n onverbiddelike stryd tussen die ryk van die duisternis (die ryk van oorlog) en die ryk van die lig (die vrederyk). En ... ons is daagliks in die stryd betrokke. Ons moet kies of ons vredemakers of vredebrekers wil wees.

Om goed te verstaan wat vredemakers beteken, is dit nodig om te weet wat die begrip "vrede" in die Bybel beteken.

Die Bybel is vol van die begrip "vrede". Dink maar aan die pragtige groet waarmee God sy gemeente in die Ou Testament en ook vandag nog huis toe stuur: "Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee" (Num. 6:26).

Die merkwaardige wat ons in die Skrif ontdek, is dat "vrede" daar nie in die eerste plek 'n negatiewe betekenis, nl. afwesigheid van oorlog, het nie. Die teëstelling is nie "vrede-oorlog" nie maar "vrede-kwaad" (Jes. 45:7; Jer. 29:11). Vrede is 'n positiewe begrip en dui op heil, welvaart, lewe in die egte, volle sin van die woord.

Vrede beteken dus ook nie net 'n innerlike sielevrede (vrede van die hart of kalmte van die gemoed) nie maar om deur God in alle fasette van jou lewe geseënd te wees. Vrede dui op 'n staat van volkome wees, van dit goed te hê, sodat niks ontbreek nie en jou lewe in sy volheid kan ontplooi en bloei. Vrede beteken dieselfde as krag, geluk, blydskap. As Christus (in Joh. 14:27) sê dat Hy sy vrede aan sy dissipels gee, kan ons dit omskryf met sy heil, sy oorwinning, sy ryk en dus volle lewe in die egte sin van die woord.

Dit is duidelik dat egte vrede alleen in die Vrederyk te vinde is. Alleen as die mens vrede met God, die Koning het, is *sjaloom* in sy lewe moontlik.

Die gelowiges het vrede met God in Jesus Christus (Rom. 5:1; Ef. 2:14-16).

Dit beteken nie dat die gelowige in die wêreld vrede sal hê nie. (Die saligspreking

onmiddellik hierna praat van vervolging en smaad!) Daar is egter 'n vrede van God wat nie net die verstand te bowe gaan nie (Fil. 4:7) maar ook uitstyg bó alle leed en vervolging wat ons hier mag ervaar.

Hierdie innerlike, diepe vrede, die rus in die hart is egter nie die volle vrede self nie – dit is maar een van die *gevolge* van die omvattende vrede wat die koninkryk van God beteken.

Ons kan nou terugkeer na ons vraag: Wie is die vredemakers wat Christus hier salig spreek?

Dit is (negatief gestel) nie net mense wat vrede met God het nie. Dit is ook nie mense wat net vrede in die hart het nie. Dit is mense wat iets van die alomvattende *sjaloom* van die koninkryk van God ervaar het. Dit is vredebodes wat hierdie evangelie van vrede op alle terreine wil uitdra. Die inhoud van die blye boodskap is dat in Christus, die Vredevors, die lewe weer heelgemaak, herstel kan word. In Hom is egte, volle lewe weer moontlik!

Vredemakers moet by hulleself begin. Dit sou verspot wees as ons self in onvrede lewe en tussen ander vrede wil bring! Ons moet in die eerste plek vrede *hou* en nie inmeng met rusies en twiste wat lewens verwoes nie.

Maar as dit by onsself in orde is, moet ons ook die vrede tussen ander *bevorder*. Ons moet aktief betrokke wees om die onvrede aan te wys en uit die weg te ruim. Dit is moeilike werk, want mense wil wel vrede hê maar sonder selfverloëning. Mense wil ook nie graag vermaan word nie – veral nie as hulle skuldig is nie!

Die werk van 'n vredemaker is moeilik, want, soos ons reeds gesê het, hy moet stry teen niemand minder as die duiwel self nie. Dáárom het die goddeloses geen vrede nie (Jes. 48:22; 57:21). Die Satan is voortdurend besig om hulle aan te hits tot alles wat die vrede bederwe.

'n Mens sou baie praktiese wenke hier kon noem hoe om vrede in jou alledaagse lewe te bevorder. Belangrik is byvoorbeeld dat die vredemaker moet leer om in die eerste plek te luister en sy tong te beteuel. Iemand het raak opgemerk: Ons het nie verniet twee ore en net een mond gekry nie!

Die bedoeling van hierdie kort kommentaar op die saligsprekinge is egter nie om al die praktiese konsekwensies en toepassinge uit te spel nie. Dit wil alleen genoeg

stof gee om tot nadenke te prikkel. Hoe elkeen van u in sy eie omgewing 'n vredemaker kan wees, is 'n mooi voorbeeld van die vrae wat in die Bybelstudiegroep bespreek kan word.

## Die belofte: kinders van God

Die vredemakers word salig gespreek, geseënd genoem, omdat hulle 'n eretitel sal ontvang: kinders van God. Het u goed geluister? Kinders van *God!*

Die burgers van die koninkryk van God is ook *kinders* van God. Daar is nie maar 'n onpersoonlike verhouding in hierdie ryk soos meestal tussen 'n koning en sy onderdane die geval is nie. Nee, daar is 'n intiem-persoonlike Vader-kind-verhouding.

Die heerlikste is dat *God self* die vredemakers sy kinders sal noem. Soos by 'n grade- of diplomaplegtigheid of by 'n militêre parade grade en range toegeken word, só ken Hy aan die vredestigters die hoogste rang wat 'n mens kan verlang, toe: kind van God! Die Nobelprys vir vrede kom nie hier naby nie. Die hoogste graad of rang of adellike titel is niks in vergelyking daarmee nie!

Hoe heerlik is hierdie nuwe seëning van die koninkryk nie!

In hierdie bedeling *is* ons reeds God se kinders. Ons vertoon *reeds* sy beeld: Hy is God van vrede; as sy kinders is ons vredemakers. Ons is reeds draers van die vreugdeboodskap wat in die velde van Betlehem deur engele gebring is: "Vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" (Luk. 2:14).

Daar staan egter ook *sal* (kinders van God genoem word), omdat die openbare erkenning as kinders van God nog nie plaasgevind het nie (vgl. I Joh. 3:1).

Selfondersoek in die lig van elkeen van hierdie saligsprekinge is *'n moet*. Indien dit nie gebeur nie, het ons mooi woorde gehoor wat ons gou weer vergeet. In hierdie geval kom dit daarop neer dat ons kan weet of ons kinders van God is of nie.

Die antwoord op hierdie vraag vind ons wanneer ons ons eerlik afvra of ons vrede najaag ...

# 10. VERVOLGDES – WAT 'N KONINKRYK BESIT!

Matt. 5:10

*Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.*

*Makarios!,* *Makarios!,* *Makarios!* ...

Sewe maal het die *makarios!, salig!,* reeds die helder, blye lentemôre ingeklink. En elke keer is ander, heerliker skatte van die koninkryk van God aan sy burgers getoon.

Sewe maal – die getal van die volheid – en nog is dit nie al nie. Hierdie koninkryk is nie net volmaak nie, dit loop oor van God se weldade! Vir die agste maal hoor ons *makarios!*

Hierdie agste saligspreking is duidelik die afsluiting, die sluitsteen. Ons sien dit daarin dat dieselfde belofte van die eerste saligspreking hier herhaal word maar ook in die wyse waarop die Here die volk aanspreek. Tot hiertoe was dit: "Salig is *dié (hulle)* ... " Hierna (vers 11 en 12) is dit direkter. Die laaste twee saligsprekinge lui: "Salig is *julle* ... " Ons sou vers 11 en 12 dus as 'n soort naskrif, 'n konklusie, kon sien.

Ons sou ook kon sê vers 10 - 12 saam vorm die afsluiting. Dit gaan daarin immers om verskillende *gevolge* vir die burgers van die koninkryk wat in die vorige verse beskrywe is: vervolging, belediging, valse beskuldiging.

Uit al drie hierdie verse is dit ook duidelik dat die vervolging 'n gemeenskaplike oorsaak het: die feit dat die burgers van die ryk in gehoorsaamheid aan hulle Koning wil lewe.

Gerieflikheidshalwe behandel ons eers vers 10 en daarna vers 11 en 12 saam.

## Vervolgdes

Die verskil met die voorafgaande saligsprekinge is duidelik. Daar het dit om persoonlike behoeftes (die eerste vier) of medemenslike verhoudinge (die laaste drie) gegaan. In albei gevalle het dit aktiwiteit veronderstel. In die agste saligspreking staan die passiwiteit voorop: "vervolg *word*". Vervolging *ondergaan* 'n mens.

Die Here Jesus wil vir sy volgelinge duidelik maak dat die burgers van sy ryk nie net bereid moet wees om iets vir Hom te *doen* nie maar – en dit is veel moeiliker – ook gewillig moet wees om vir Hom te *ly*.

Ons het voorheen al gesê dat hierdie saligspreking ons in die diep donker dal aan die voet van die berg bring.

Die Koning waarsku sy onderdane dat hulle, as hulle waarlik arm van gees, sagmoedig, vredemakers ens. is, in die wêreld vervolging sal verduur. Juis omdat hulle burgers is van 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie, sal die wêreld hulle haat.

Elke saligspreking, nog indringender as die vorige, is 'n toets van die egtheid van ons Christenwees. Hierdie laaste saligspreking is nie maar 'n mooi slot nie. Dit is die heel belangrikste, die proef op die som! Hier, soos in geen ander saligspreking nie, word die gelowiges beproef.

Ons kan die volgende vrae stel: Wat moet hulle verduur? Waarom?, Deur wie? en ten slotte: Waarom is juis hulle salig?

## Vervolging

Die vervolging word hier nie nader verduidelik nie. Dit is ook 'n onbegonne taak om al die maniere van vervolging op te noem. Die duiwel is besonder oorspronklik as hy metodes moet bedink om dit vir die kinders van God moeilik te maak. Vervolging is nie net die opsienbarende nie; nie alleen brandstapels wat rook en skavotte wat bloed drup nie, maar ook in die klein dingetjies waarmee die burgers van die ryk seergemaak word. (Vgl. die beledig, kwaad spreek, verdag maak in vers 11). Tereg sê prof. J.D. du Toit: "Daar is nie alleen martelare wat sterf nie maar ook martelare wat lewe".

Vandag is daar in baie lande – ook ons eie – vryheid van godsdiens. Dit wil egter nie sê dat geloofsvervolging verdwyn het nie. Die vervolging van die gelowiges in sg. Christelike, Westerse lande het net 'n verfynder, "beskaafder" vorm aangeneem. Daar is nog altyd venynige woorde wat soos dolksteke die hart tref.

Daar is vandag ook baie lande waarvan ons weet dat die minderheid Christene met 'n wreedheid vervolg word wat niks hoef agter te staan by dié in die tyd van die Vroeë Kerk of die godsdienstige oorloë in Europa nie.

## Waarom word God se kinders vervolg?

Daarop gee hierdie saligspreking 'n duidelike antwoord: omdat hulle doen wat reg is. (Die ouere vertaling lui "ter wille van die geregtigheid"). Omdat hulle doen wat God wil hê – en nie wat die wêreld wil hê nie – daarom is hulle ongewenste figure, *persona non grata*.

Die vervolging van die gelowiges is dus ten diepste teen God self gemik. Die haat teen die gelowiges is ten diepste haat teen God. God is egter onbereikbaar. Die hele wêreld kan teen Hom opstaan, teen Hom oorlog verklaar, Hom selfs dood verklaar, maar Hy bly onbereikbaar. Wie wel bereikbaar is, is die gesante van God op aarde, sy "grondpersoneel". Hulle word aangeval! Wanneer een volk woedend op 'n ander volk is en dié is onbereikbaar, dan loop hulle daardie volk se ambassade storm!

Christus het sy dissipels hiervoor gewaarsku: die wêreld sal hulle haat, omdat hulle Syne is! (Vgl. Joh. 15:18-21 en 2 Tim. 3:12).

'n Gelowige kan nie anders as om 'n doring in die vlees van die wêreld te wees nie. Die heel eerste twee broers toon al hierdie antitese. Kain haat Abel en slaan hom dood, nie omdat Abel sleg was nie maar omdat Kain se werke boos was (I Joh. 3: 12).

Ons kan nie Christus se dissipels wees sonder dat die hele wêreld in vyandskap teen ons opstaan en ons tot die dood toe vervolg nie. Die ongelowiges kan nie verdra dat hulle deur die evangelie op hulle sondes gewys word nie. Die eintlike aanhitser agter die skerms is natuurlik die Satan.

Dit is baie belangrik om die aandag daarop te vestig dat die vervolging waarvan hier sprake is, sy oorsaak vind in die feit dat die gelowiges wil doen wat reg is – nie wat reg is in hulle eie oë nie maar volgens God se wet.

Christus spreek dus nie diegene – ook die gelowiges onder hulle – salig wat vervolging en smaad moet verduur, omdat hulle aanstootlik, moeilik, dwaas, fanatiek, onsimpatiek of hoe ook al optree nie. Daar is baie mense, ook Christene, wat nie ter wille van die geregtigheid nie maar as gevolg van hulle eie ongeregtigheid vervolg word! Hulle kry die verdiende loon. Hulle maak self van hulle martelare.

Christus spreek nie eers diegene hier salig wat ter wille van 'n saak op onbaatsugtige wyse goed doen, edel optree en hulle vir hulle naaste opoffer en dan deur

diegene vir wie hulle so goed was, doodgemaak word nie!

Ook vers 11 lê daarop nadruk: die belediging en vervolging moet *ter wille van Christus* wees en dit moet *ongegronde, valse* kwaadsprekery wees.

Dieselfde skryf Petrus in sy brief: "Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien ... " (I Petr. 2:12). In vers 20: "As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God".

Dit is in die praktyk nie altyd so maklik om seker te wees wanneer 'n mens smaad en verguising moet verduur as gevolg van jou eie ontaktvolheid, voortvarendheid of eie sondigheid, en wanneer jy dit werklik ter wille van die koninkryk en sy geregtigheid ly nie. As ons egter nie voortdurend die onderskeid onthou nie, kan ons dalk dink dat ons martelare is, terwyl ons maar net kry waarna ons gesoek het!

## Deur wie word die kinders van God vervolg

Deur die ongelowige wêreld – dit is duidelik. Maar dit is nie al nie. Wat dan van die godsdiensoorloë in die eeue tydens en na die Reformasie in Europa? Daar was dit die Christene wat mekaar doodgemaak het!

Ons hoef dus nie net van buite vervolg te word nie. Ons kan ook van binne, vanuit die kerk self, deur ons medegelowiges vervolg word. Dit het in die tyd van Christus gebeur. Die godsdienstige leiers van destyds (Fariseërs, wetgeleerdes, priesters) het hom vervolg totdat Hy deur hulle hande aan die kruis gesterwe het.

'n Formalistiese, skynheilige, dooie Christendom is 'n groter vyand van die gelowige as die wêreld. Geveinsdes, naamchristendom is nie openlike wolwe wat die kudde van Christus verskeur nie, maar wolwe in skaapsklere, wat daarom baie gevaarliker is. Soos in die tyd van Christus is die naamgelowiges baie tevrede met hulle godsdiens en hulleself en kan hulle dit nie verdra dat daar opregte gelowiges is wat hulle as witgepleisterde grafte vol doodsbeendere beskou nie.

Hoe meer ons vir die eer van God en die waarheid van die evangelie ywer, hoe meer vyande sal ons hê. Ons sou egter God moet verloën indien ons met almal in vrede lewe. Dit is wat Lukas in hoofstuk 6:26 bedoel as hy sê "Wee julle as die mense net van julle goed praat. Hulle voorvaders het immers met die valse profete net so gemaak".

Ons moet, as ons weet dat ons werklik ter wille van Christus ly, ons ook nie veel bekommer oor alles wat die wêreld en die kerk ons aandoen nie. As ons hier op aarde uitgewerp word, is dit vir ons genoeg om te weet dat God ons ken. Laat dit vir ons genoeg wees as ons deur Christus salig gespreek word – hoe die wêreld ook al op ons skel en ons veroordeel.

## Hoe kan vervolgdes salig wees?

Christus se voorlaaste groot verrassing: vervolgdes – wat salig is! Die rede: die koninkryk behoort aan hulle.

Dit is dieselfde belofte as in die openingsvers van die saligsprekinge. Hier is ook weer (anders as vers 4-9) die teenwoordige tyd. Die vervolgdes besit *nou reeds* die koninkryk van die hemel. Vers 3 kondig die ryk aan. Vers 4-9 teken die seëninge wat in hierdie ryk gesmaak word. Vers 10 vat al die seëninge weer in één begrip saam: die koninkryk van God.

Dit is asof die saligsprekinge hier 'n klimaks bereik. Die grootste toets word hier aangelê t.o.v. die egtheid van die burgerskap van die ryk. Terselfdertyd bereik die beloning ook 'n hoogtepunt: nie net 'n bepaalde seëning van die Godsryk nie maar die ryk self, die hele koninkryk!

Genoeg rede om selfs onder die hewigste en wreedste vervolging dolgelukkig te wees. Is dit nie die rede waarom martelare met stralende oë en – as hulle tonge nie uitgesny was nie – met 'n jubellied die swaard tegemoetgegaan en die brandstapel opgestap het nie? Hulle het iets bemerk van die glansryke heerlikheid van God se koninkryk! Soos die eerste Christenmartelaar, Stefanus, het hulle die hemele geopen gesien (Hand. 7:55, 56).

## Die grootste toets

Hierdie saligspreking is soos nie een van die ander nie die proef op die som, die vuurtoets of die goud eg is.

As die burgers van die ryk, met al die kenmerke wat in die voorafgaande saligsprekinge beskrywe is, ook nog vervolg word, dan weet hulle vas en seker hulle behoort waarlik tot God se ryk.

In vers 12 staan daar dat die gelowiges hulle onder vervolging en smaad moet verbly nie *ondanks* die vervolging nie maar (in die Grieks) juis *omdat* hulle vervolg word!

Nie wanneer ons vervolg word, moet ons bekommerd wees nie. Ons moet ongerus wees as ons nie vervolg word nie!

Hoe dikwels moes ú die afgelope tyd vervolging verduur omdat u gedoen het wat volgens God se wil reg is?

## 11. BELEDIGDES – WAT VAN VREUGDE OORLOOP!

Matt. 5:11-12

*Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.*

*Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.*

*Makarios!* – vir die negende en die laaste keer. Hoekom kon dit nie maar voortgaan nie?

Christus sluit egter af. Hy maak as 't ware die toepassing. Hy praat nie meer onpersoonlik van "die" of van "hulle" nie maar op die man af van "julle".

"Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is, van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel". (*Die Nuwe Testament en Psalms*).

### Waarom word ons vervolg?

Christus sê dit moet ons nie die minste verbaas nie. Dit sal niks nuuts wees wat met ons gebeur nie. Die profete van duisende jare gelede is net so vervolg.

Maar waarom word God se kinders vervolg? Hulle is tog nie slegte mense nie!

Omdat hulle aan Christus behoort. En omdat ons aan Christus behoort, is ons anders, heeltemal anders as die wêreld. Die wêreld wil nie "behoort" nie. Die wêreldse mens wil sy eie baas wees.

Omdat ons aan Christus behoort, laat ons ook ons lewe deur Hom bestier en lei. Die ongelowiges hou ook nie daarvan nie – hulle wil outonoom, hulle eie wetgewers wees. Dieselfde geld van die verstarde, formalistiese, skynheilige kerk. God word nie werklik meer daar gedien nie maar die eie begeertes en wense.

Die burger van die koninkryk kan nie anders as om 'n vreemdeling, 'n ongewenste in die wêreld te wees nie. Hy sien dinge anders, het ander waardes, doen anders ... Sy absolute maatstaf is die koninkryk van God. Dit soek hy in die eerste en laaste

plek.

## Die tipes vervolging

Daaroor het ons by die vorige saligspreking al gesels. Dit is legio. Christus self noem net belediging en laster. Dit is seker *die* tipe vervolging wat Christene die meeste moet verduur. Slegsê en slegpraat is egter ook van die dinge wat die diepste seermaak en waaraan die moeilikste iets gedoen kan word. Dit – soos spot en iemand belaglik maak – is sataniese metodes regstreeks uit die hel afkomstig waarmee 'n menselewe tot in die grond afgebreek kan word.

Hierdie oeroue wapens is vandag nog splinternuut. Die droewige is dat dit ook in die kerk self baie gewild is. Wie van ons kan daaraan onskuldig pleit? Swyg ons liewer wanneer ons nie iets goeds van iemand kan sê nie?

Ek het reeds by vers 9 die aandag daarop gevestig dat Christus hier uitdruklik sê die belediging en swartsmeerdery moet *valslik* en *ter wille van Hom* wees en nie a.g.v. ons eie gebreke en sondigheid nie.

## Die reaksie

Hoe moet die ryksburgers reageer as hulle ter wille van die ryk van God vervolg en gesmaad word?

Laat ons eers sê hoe ons nie daarop mag reageer nie.

Die gelowige mag nooit vergeld, probeer terugbetaal nie. Hy mag ook nie met 'n wrok in die hart rondloop nie. Hy mag nooit depressief, moedeloos raak nie.

Wat sê Christus (positief) moet ons doen? – Wees bly en verheug!

Volgens die tyd van die werkwoorde in Grieks staan hier letterlik: *gaan voort, hou aan* om julle te verbly en te verheug. Met ander woorde: moenie julle vir een oomblik die blydskap laat ontneem nie.

Die Griekse woord vir "verheug" is 'n woord wat baie groot vreugde uitdruk. Julle moet van blydskap oorloop!

As die wêreldling swaar kry – al is dit ook weens sy eie sondes – gaan sit hy in

sak en as en bekla sy lot. Die Christendom is die godsdiens met die rykste verrassing: as 'n gelowige vervolg word, loop hy oor van vreugde!

## Hoe kan dit?

Geen mens ook nie die Christen, verheug hom in vervolging as sodanig, vervolging ter wille van vervolging nie. Dit sou, om die minste daarvan te sê, op 'n sielkundige abnormaliteit dui.

Die gelowige wat ter wille van Christus vervolg word, is uitsinnig van blydskap, omdat dit die finale bewys is waarna hy soek. By die vorige saligspreking het ons reeds hieroor gehandel. Nou weet hy seker dat hy nie maar net in naam nie maar werklik kind van die Here, burger van die ryk van God is.

'n Christen soek nie vervolging nie. Maar as dit kom, treur hy nie daaroor nie. Dan is hy bly. As hy nooit beledig, gespot, beskuldig en uitgeskel word nie kan hy selfs ongerus raak. Is dit genade van God ... of is dit 'n teken dat hy so weinig Christen is dat die wêreld hom nie eers raaksien nie, dit nie die moeite werd ag om na hom te skop nie?

## Die belofte

Christus voeg by hierdie laaste saligspreking soos by al die voriges ook 'n belofte: Julle het 'n *loon*, 'n *groot* loon, 'n loon in die *hemel*. Dit lê daar veilig weggebêre. Geen mot of roes kan dit verwoes nie.

Die "groot" sien hier nie op die hoedanigheid nie maar op die hoeveelheid. Die betekenis is dus: vir wie veel vervolging deurstaan, wag daar ook groot heerlikheid (Rom. 8:18). Dit gaan hier dus nie om die *saligheid* nie maar om die groter heerlikheid. Daar sal in die hiernamaals verskil in heerlikheid wees.

Dit is nog 'n rede waarom die vervolgdes – maak nie saak hoeveel hulle moet ly nie – oorloop van vreugde. Hoe meer lyde, hoe meer heerlikheid!

Die armes, treurendes ... vervolgdes weet *wie* hulle is (ware kinders van God); weet *waarheen* hulle op pad is (na 'n nuwe aarde), en weet *wat* hulle daar te wagte is ('n groot loon).

Die loongedagte klink, eerlik gesê, 'n bietjie vreemd in ons gereformeerde ore. Beteken dit nou dat ons iets verdien, 'n betaling, vergoeding ontvang, omdat ons selfs onder vervolging getrou was?

Nee, vervolging is nie iets wat 'n mens *doen* nie maar wat jy *ly*. Dit sal dus genade-loon wees! Al het ons honderd maal meer gely as wat ons beveel is, moet ons nie dink dat ons daarmee iets verdien het nie – God is aan ons daarvoor niks verskuldig nie!

Die opmerksame leser sal sien dat Christus hier nie sê *wat* die loon sal wees nie. Is dit nie voldoende om te weet *dat* daar 'n loon sal wees nie? Was ons nie in die nege saligsprekinge telkens deur Christus se beloftes verras nie? Dan kan ons mos verseker wees dat God se heel laaste verrassing ook die moeite werd sal wees!

As u tot diegene behoort wat deur Christus nege maal salig gespreek is, sal u ook die tiende "salig!" hoor wanneer u die loon ontvang wat vir u wag.

## VRAE BY HOOFSTUK 1 – 11

Aangesien dit meestal direkte vrae is waarop die antwoorde in die betrokke hoofstukke te vinde is, word die antwoorde nie hier herhaal nie.

### Vrae oor die Inleiding en hoofstuk 1 en 2

1. Hoeveel groot redevoeringe van die Here Jesus is vir ons in die Evangelie volgens Matteus opgeteken? Noem hulle.

2. In watter een van hierdie redevoeringe kom die saligsprekinge voor?

3. In watter provinsie en op watter plek in die land Palestina is die saligsprekinge uitgespreek?

4. Hoe moet ons dit verstaan dat Lukas sê Christus het die saligsprekinge uitgespreek toe Hy die berg *af*geklim het, en Matteus sê dit was toe Hy die berg *op*geklim het?

5. Op watter tydstip gedurende die openbare optrede van Christus is die saligsprekinge uitgespreek? Weet ons watter tyd van die jaar dit waarskynlik was?

6. Tot wie is die saligsprekinge gerig? Was daar net Jode in die gehoor? Waarom, dink u, het so 'n groot skare Christus in die verafgeleë gebied gevolg? Waarna het hulle gesoek?

7. Is die saligsprekinge ook vir ons vandag bedoel? Wanneer is, volgens u, 'n mens werklik salig? Volgens die saligsprekinge is 'n mens salig as God in jou lewe Koning is en jy burger van sy ryk is. Wat beteken dit presies? (Noem konkrete voorbeelde).

8. Dit gaan in die prediking van Christus om die koninkryk van die hemel. Aanvanklik het die klem in sy prediking op die nabyheid van die koninkryk gelê. Waarop val die aksent in die Bergrede? En in die saligsprekinge?

9. Het Christus in die Bergrede 'n ander wet verkondig of die eise van die wet van God verswak?

10. Die Skrifgeleerdes en Fariseërs het aan verdienste of werkheiligheid geglo: eers *werk* en dan *beloning,* eers *opgawe* en dan *gawe,* eers *gebod* en dan

*genade.* Wat is die merkwaardige in die prediking van Christus ten opsigte hiervan?

11. Waarom kan ons alleen deur die poort van die saligsprekinge die koninkryk binnegaan?

12. Waarom is elke saligspreking so 'n groot verrassing?

13. Wat is die drie belangrikste fasette van die begrip "koninkryk van God" in die Nuwe Testament?

14. Handel elk van die verskillende saligsprekinge oor verskillende mense met verskillende eienskappe? Handel dit oor mense wat van nature sekere karaktertrekke (soos sagmoedigheid, vredeliewendheid) openbaar?

15. Van wie is die saligsprekinge 'n beskrywing?

16. Wat is die verband tussen die beloftes by al die verskillende saligsprekinge? Bied die eerste saligspreking hierop 'n antwoord? Waarom, sou u sê, het die eerste en die voorlaaste saligspreking presies dieselfde belofte? Hoekom is hierdie belofte in die teenwoordige tyd terwyl die belofte van al die saligsprekinge daartussen in die toekomende tyd is?

17. Is daar verband en samehang tussen die verskillende saligsprekinge?

18. Gee 'n skema om aan te toon hoe die saligsprekinge in mekaar skakel en die een op die ander voortbou.
    Of: Teken 'n prentjie van 'n berg en toon aan hoe die verskillende saligsprekinge op 'n staptog oor die berg inpas.

19. Waarom kan ons sê dat die saligsprekinge behalwe salig spreek ook vervloek?

20. Hoekom word daar so uitdruklik (in die Ou Vertaling) gesê dat Hy *gaan sit* het en dat Hy sy *mond oopgemaak* het?

**Vrae by hoofstuk 3 (Matt. 5:3 – die eerste saligspreking)**

1. Waarom kan ons sê dat hierdie saligspreking die opskrif bokant die hele gedeelte oor die saligsprekinge is?

2. Wat beteken die woordjie "salig"? Met watter Afrikaanse woord, dink u, kan die Grieks *makarios* die beste vertaal word?

3. Hoe moet ons dit verstaan dat Lukas 6:2 net van "armes" praat, terwyl Matteus van "armes van gees" spreek?

4. Word alle armes sonder onderskeid deur Christus hier salig gespreek?

5. Beteken "armes van Gees" hier net mense wat verstandelik swak bedeeld is?

6. Verduidelik wat presies met armes (van gees) in hierdie saligspreking bedoel word. Vergelyk verskillende Afrikaanse en Engelse vertalinge van die vers en sê watter van hulle volgens u die beste is.

7. Veroordeel Christus rykdom as sodanig? Waarom sê Hy dat dit vir 'n ryke moeilik is om in die koninkryk van God te kom?

8. Hierdie saligspreking behels 'n groot verrassing: die armes is ryk! Waarin bestaan hulle rykdom?

9. Matteus gebruik die begrip "koninkryk *van die hemel*", omdat hy vir die Jode geskryf het en die Jode die gebruik van die Naam van God liewer vermy het. (Lukas praat van die koninkryk *van God*). Wat kan ons nog uit die "van die hemel" i.v.m. die koninkryk van God aflei?

10. Die belofte is hier in die teenwoordige tyd: "aan hulle behoort nou reeds die koninkryk". Hoe word 'n mens arm om aan die belofte deel te kry?

### Vrae by hoofstuk 4 (Matt. 5:4 – die tweede saligspreking)

1. Word *alle* treurendes en bedroefdes deur Christus hier salig gespreek? Kan die verband met die eerste saligspreking lig op die vraag werp?

2. Moet 'n gelowige net oor sy eie sondes treur?

3. Het Christus ooit gehuil of gelag? (Staaf u antwoord uit die Bybel).

4. Mag 'n Christen ook vrolik en bly wees? Verskil sy blydskap en die manier

waarop hy dit tot uiting bring, van dié van die ongelowige?

5. Kan en hoe kan 'n mens iemand in droefheid werklik troos?

6. Aan watter Sondag van die Heidelbergse Kategismus laat hierdie saligspreking u dink?

7. Waarom word die Heilige Gees in die Bybel die Trooster genoem?

8. Watter seëning van die koninkryk van die hemel het op Pinkster werklikheid geword?

9. Hoe is die belofte van hierdie saligspreking vervul? Moet dit ook nog verder in vervulling gaan?

10. Wat is die verskil tussen spyt en opregte berou?

**Vrae by hoofstuk 5 (Matt. 5:5 – die derde saligspreking)**

1. Waarom is hierdie saligspreking so 'n groot verrassing?

2. Noem voorbeelde van Bybelse begrippe wat volgens u al so afgeslyt geraak het dat ons nie die oorspronklike betekenis ken nie.

3. Is 'n sagmoedige iemand wat met alles saamgaan?

4. Noem enkele Bybelfigure in wie se lewe die ware sagmoedigheid duidelik gesien kan word. Was Christus ook sagmoedig?

5. Wat beteken die Bybelse begrip "sagmoedigheid" a. in verhouding tot God en b. in verhouding tot die medemens?

6. Hoe sluit hierdie saligspreking aan by en bou dit voort op die vorige?

7. Wat is Christus se belofte aan die sagmoediges?

8. Het u nie eerder verwag dat Christus die hemel aan die sagmoediges sou belowe nie?

9. Wat is die verband tussen die koninkryk van die *hemel* en die nuwe *aarde?*

10. Hoe word 'n mens sagmoedig?

**Vrae by hoofstuk 6 (Matt. 5:6 – die vierde saligspreking)**

1. Wat kan ons uit die Griekse woorde wat hier vir "honger" en "dors" gebruik word, aflei?

2. Hier word nie van 'n smagting na spys en drank gepraat nie. Waarom gaan dit hier?

3. Wat word presies met "geregtigheid" bedoel?

4. Wat het met die Fariseërs se beskouinge i.v.m. geregtigheid geskort?

5. Hoe hou hierdie saligspreking verband met die koninkryk van God?

6. Moet 'n mens die geregtigheid *besit* om salig te kan wees?

7. Waarom, dink u, sou hierdie saligspreking 'n gepaste teks vir 'n preek by die nagmaal wees?

8. Kan 'n mens saligheid *regstreeks* nastreef en dit vind?

9. Is daar 'n verband tussen ons regverdigheid voor God en ons optrede teenoor ons naaste?

10. Hoe toets hierdie saligspreking die peil van ons persoonlike geloofslewe?

**Vrae by hoofstuk 7 (Matt. 5:7 – die vyfde saligspreking)**

1. Hoe verskil hierdie saligspreking van die vorige?

2. Word alle mense wat tegemoetkomend, toegeeflik en vir die nood van ander gevoelig is, hier salig gespreek?

3. Wat beteken dit as gesê word: God is barmhartig?

4. Hoekom mag die eis om barmhartigheid nooit van die eis van gehoorsaamheid losgemaak word nie?

5. Wat bedoel die Bybel met die barmhartigheid van die goddelose?

6. Versaaklikte, onpersoonlike "barmhartigheid" is barmhartigheid sonder 'n hart. Verduidelik met voorbeelde.

7. Waarom is die barmhartige Samaritaan vandag nog 'n voorbeeld vir ons?

8. Barmhartigheid beteken ook geduld en vergewensgesindheid. Verduidelik.

9. Hoe toets hierdie saligspreking die egtheid van ons geloof?

10. Hou hierdie vers in dat ons barmhartigheid teenoor ons naaste voorwaarde vir God se barmhartigheid teenoor ons is?

**Vrae by hoofstuk 8 (Matt. 5:8 – die sesde saligspreking)**

1. Noem voorbeelde van verstands- en gevoelsgodsdiens. Kan ons sê die Christendom is 'n godsdiens van die hart en die verstand?

2. Wat moet in die Christelike godsdiens die verhouding wees tussen dit wat ons *is* en wat ons *doen*, of tussen *geloof* en *werke?*

3. Wat beteken die begrip "hart" in die Bybel? Hoekom lê Christus soveel klem op die hart van die mens?

4. Wat beteken "rein van hart" in die Skrif? Noem voorbeelde van onreinheid van hart of dubbelhartigheid.

5. Waarom bots Christus met die Fariseërs oor hulle reinheidsopvattings?

6. Is reinheid en sondeloosheid dieselfde?

7. Kan 'n mens rein word as jy uit die sondige wêreld vlug en jou in 'n klooster afsonder? Motiveer u antwoord.

8. Waarom het ons dikwels probleme met die belofte in hierdie saligspreking?

9. Noem drie betekenisse waarin die begrip "sien" in die Bybel gebruik word wat dalk 'n oplossing in die geval van die probleem rondom hierdie saligspreking kan bied.

10. Bespreek die verskillende maniere waarop ons God nou reeds kan sien.

**Vrae by hoofstuk 9 (Matt. 5:9 — die sewende saligspreking)**

1. Waarom slaag die professionele vredemakers nie daarin om werklike vrede te bewerkstellig nie?

2. Waarom is die wêreld vandag so 'n plek van onvrede? Wat is die diepste oorsaak?

3. Word met "vredemakers" in hierdie saligspreking mense wat van nature vredeliewend is, bedoel?

4. Hoekom sê ons die belangrike Bybelse begrip "vrede" is nie negatief nie maar 'n positiewe begrip?

5. Verduidelik waarom ons sê dat "vrede" in die Bybel 'n omvattende begrip is.

6. Waarom is die werk om vrede te maak en te behou so uiters moeilik?

7. Hoe gaan 'n gelowige te werk as hy vrede wil bevorder? Waar begin u? Wat moet u altyd onthou? Noem voorbeelde uit u eie lewe.

8. Waarom is die belofte in die geval van hierdie saligspreking so ryk en heerlik? Wat beteken dit vir u persoonlik dat God u sy kind noem?

9. Beteken die toekomende tyd waarin die belofte gestel word dat ons eers eendag God se kinders sal word?

10. Hoe bring hierdie saligspreking ons tot ernstige selfondersoek?

## Vrae by hoofstuk 10 (Matt. 5:10 – die agste saligspreking)

1. Waaruit kan ons aflei dat hierdie voorlaaste saligspreking eintlik die slot en die proef op die som is?

2. Watter verskil bemerk u t.o.v. Christus se aanspreekvorm in vergelyking met die vorige saligsprekinge? Waarom is daar 'n verskil?

3. Hoe verskil hierdie saligspreking verder van die voorafgaandes?

4. Noem voorbeelde van vervolging waar die Christen se lewe nie noodwendig in gevaar is nie.

5. Waarom word gelowiges volgens hierdie saligspreking vervolg? Kan daar ook nog ander redes wees?

6. Word alle vervolgdes hier salig gespreek? Noem voorbeelde waar 'n mens van jouself 'n martelaar kan maak sonder dat jy God daardeur dien.

7. Kan u gevalle uit u eie lewe noem waar u vervolg is, omdat u gedoen het wat reg is?

8. Watter tipe Christendom is veral geneig om God se kinders te vervolg?

9. Wat beteken die belofte in die geval van hierdie saligspreking vir u konkreet hier en nou?

10. Waarom kan ons sê dat hierdie saligspreking meer as enigeen van die voriges 'n toets vir die Christen is?

## Vrae by hoofstuk 11 (Matt. 5:11,12 – die negende saligspreking)

1. Waarom is die burgers van die koninkryk van God, anders as ander mense, vreemdelinge in die wêreld? Moet ons ons van die wêreld onttrek?

2. Waarom is slegsê en slegpraat sulke gevaarlike metodes van vervolging? Het u dit al persoonlik ervaar?

3. Hoe mag die gelowige nie op vervolging reageer nie? Is dit maklik?

4. Wat moet die Christen se reaksie wel wees?

5. In watter opsigte verskil die wyse waarop die gelowiges en die ongelowiges hulle leed dra?

6. Waarom moet 'n Christen oorloop van blydskap as hy vervolg word?

7. Wat kan ons uit die Griekse woorde vir "verbly" en "verheug" aflei?

8. Sal diegene wat minder as ander gely het, nie salig word nie?

9. Verdien ons iets met ons lyde ter wille van Christus?

10. Sou ons in die lig van al die vorige saligsprekinge kan vasstel wat die loon is wat Christus hier belowe?

## LITERATUUR OOR DIE SALIGSPREKINGE
(Kommentare uitgesonderd)


BRILLENBURG WURTH, G. De Bergrede en onze tijd. Kampen, Kok, 1933.

BRILLENBURG WURTH, G. Bergrede (*In* Christelijke Encyclopedie. Kampen, Kok, 1956. Deel I. p 562 - 565).

CALVIJN, Johannes. Jezus spreekt zalig. Franeker, Wever, 1951.

COUVEE, D.J. Met Jezus op den berg. Kampen, Kok, 1941.

DE GRAAF, J. In gesprek met de bergrede. 's-Gravenhage, Boekencentrum, 1961

DUVENAGE, S.C.W. 'n Wêreldorde omgekeer. Grepe uit die Bergpredikasie. Potchefstroom, Pro Rege-Pers, 1967.

DU TOIT, J.D. Uit de Schriften. Potchefstroom, Koomans, 1920.

GROENEWALD, E.P. Oorvloediger geregtigheid. Kaapstad, N.G. Kerkuitgewers, 1968.

HANEKOM, J. Christen-wees vandag. 'n Bybelkorrespondensiekursus oor die Bergpredikasie. Wellington, Bybelkor van Die Hugenote-Kollege, 1973.

JONES, E. Stanley. The Christ of the Mount. Abington, 1931.

KOTZé, G. Met Jesus op die berg. Hart-Uitgewers, 1968.

LLOYD-JONES, D.M. Studies in the Sermon on the Mount. Leicester, Intervasity Press, 1976.

LÜTHI, Walter. De Zaligsprekingen voor de gemeente verklaard. Franeker, Wever, s j.

LÜTHI, Walter en BRUNNER, Robert. De Heiland en Zijn prediking in de Bergrede. Utrecht, Bijleveld, 1947.

OVERDUIN, J. Gods grote verrassing. De zaligsprekingen. Kampen, Kok, 1961.

RIDDERBOS, Herman N. De strekking der Bergrede naar Mattheüs. Kampen, Kok, 1936.

— Die komst van het Koninkrijk. Jezus prediking volgens de synoptische Evangeliën. Kampen, Kok, 1950.

— When the time had fully come. Studies in New Testament Theology. Grand Rapids, Mich, Eerdmans Publ. Co, 1957.

— Het verborgen koninkrijk. Handleiding tot het Evangelie naar Mattheüs. Kampen, Kok, 1958.

ROTHUIZEN, G. Th. De hand aan de ploeg. Klein commentaar op de Bergrede Aalten, Uitgeverij De Graafschap, s j.

THIELICKE, Helmut. Het leven kan opnieuw beginnen. Het appèl van de Bergrede. Wageningen, Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmij, s j.

VAN DER SLUIJS, A. De seven zaligsprekingen van onzen Heiland. Kampen, J.H. Bos, 1903.

VIGEVENO, H.S. Climbing up the mountain. Regal Books, 1968.

STOTT, J.R.W. Christian counter-culture. The message of the Sermon on the Mount. Downers Grove, Intervarsity Press, 1979.